

1875, het toen Dr. Brill van Bloemfontein sijn bekende lesing gehou; terwyl die "Geschiedenis" dan nog vermeld die verskijning van die eerste Afrikaanse boekie, n.l. die Geschiedenis van Josef. Ons moet hier egter opmerk, dat hierdie boekie al in 1873 gedruk is blykens die titelblad. Die skrywer was „'n Vrind" (mnr. C. P. Hoogenhout), en sijn boekie was die sondebok, wat die eerste vijandskap moes dra.

Bij hierdie historiese aanstippinge mag ons nie die naam vergeet van president Reitz nie, wat van die begin af 'n "Kampvegter" was van die Afrikaans en vandag dit nog is. Sijn stuk tot verdediging van onse taal in die "S. A. Magazine" is opgeneome als bijlage in die *Geschiedenis van die Taalbeweging*.

DIE BEGIN.

Tot sovéer was alles, naar die beskouwing van Ds. Du Toit, *voorbereidende* werksaamhede. Die werke-like begindatum is volgens hem, die oprigting van die Genootskap, 14 Augustus, 1875.

Mnr. Pannevis het egter 'n andere opvatting verdedig in die "Holl. Afrikaan" van 22 Aug., 1883. In 'n stuk met die titel: "Het Jaar 1872 voor Nederland en Zuid-Afrika" wijs hij aan dat die getal '72 vir Nederland altijd belangrijk was. Ook vir Suid-Afrika, meen hij, was 1872 van grote betekenis, want toen het 1) die Kaapkolonie verantwoordelik bestuur gekrij en 2) het die Afrikaanse Taalbeweging begin. Ons skrijf nou af wat hij verder sê. Dit moet vir die nageslag bewaar word:

"Het algemeen gevoelen schijnt n.l. te zijn, dat de Afrikaanse Taalbeweging niet in 1872, maar eerst later een aanvang heeft genomen. Zo vinden wij b.v. in *Die Afrikaanse Almanak vir 1882*, op bl. 64, het jaar 1873 daarvoor aangegeven. De onjuistheid van deze en al zulke later stellende opgaven moet nu aangetoond worden. En dit kan door een eenvoudig getrouw histories bericht van de toedracht der zaak geschieden. Onder weinigen ben ik nu bij uitnemendheid in staat zulk een bericht te verschaffen. Want van het eerste begin der Beweging af was ik daar ten nauwste in betrokken; en ten allen tijde is het lot der volkstaal mij een onderwerp van hoge belangstelling en opmerkzaamheid geweest; ook heb ik van het voorgevallene gepaste aantekening gehouden: zodat men, naar de mens gesproken, van mij de zuivere waarheid omtrent dit punt kan verwachten.

"De 7e September 1872 dan verscheen er in de veelgelezen koerant *De Zuid-Afrikaan* een stuk, getiteld: "De Bijbel in het Afrikaans," waarin de noodzakelijkheid betoogd werd van een uitgave der Heilige Schrift in het verbasterd Hollands, dat door

het merendeel der bevolking dezer landen gesproken wordt. De Nederlandse Bijbel toch, hier in gebruik, levert voor ongeletterden heel wat zwarigheden op; de ondervinding leert, dat in het algemeen Hollandse boeken veel meer bevatten dat de Afrikaner niet of niet juist verstaat, dan hij zelf wel weet of wil erkennen.—Dit stuk lokte een tegengeschrijf uit, en hierop volgde weer een verdediging, en zo ging het voort. De zaak wekte belangstelling, en al aanstonds vermeerderde het getal der strijders, terwijl het onderwerp zich tot het Afrikaans als schrijf en algemene landstaal uitbreidde. Een nationale literatuur begon zich ook reeds te vormen: alles in kleine beginselen, maar zeker en *onafgebroken*. Een stroom van volksleven was zichtbaar ontsprongen en vervulde allengs het gehele land. De Taalbeweging doordrong langzamerhand, gelijk een zuurdesem, de ganse natie, en oefende haar invloed op alle maatschappelijke en politieke betrekkingen. Zij werd een macht in dit werelddeel die het eind harer uitwerking nog niet heeft gezien.

“V66r 7 Sept. 1872 was niets dergelijks hier aanschouwd. Het weinige dat toen *in* de volkstaal van tijd tot tijd in de koe-ranten verscheen, ging als zodanig onopgemerkt voorbij. *Over* het Afrikaans werd niet publiek geschreven of gesproken, en wat er ook over gedacht of privaat gehandeld werd, het bleef daarbij en uitte zich verder niet merkbaar naar buiten.”

Laat ons hier nadrukkelijk bijvoeg, dat mnr. Pannevis die skrywer is van die opstel oor die “Bijbel in het Afrikaans”. Dit staat in zijn handskrif bij die uitknipsel vermeld.

BETEKENIS VAN MNR. PANNEVIS.

Reeds het ons gehoor, dat mr. Pannevis en Ds. Van der Lingen Ds. Du Toit sijn oë oopgemaak het vir die feit dat Afrikaans onse volkstaal is. Ds. Du Toit sê in die 71 *Theses*, (bl. 74): “En hier kan ons nie nalaat 'n man te noem, wat werkelik die eerste met erns die gedagte uitgespreek en ons o'ertuig het, dat ons 'n cie taal het, en wel 'n voortreflike taal, wat ons moet erken en beoefen. Die man is o'erlede mnr. Pannevis, 'molik die grootste taalgeleerde wat ons ooit in ons land had.” Maar Mnr. D. F. du Toit O. L.) deel ons op ons versoek in 'n brief nog andere interessante dinge mee. Hij skryf:

„Bij aankoms aan die Kaap het mnr. Pannevis in-trek geneem bij Du Toits Losieshuis, Strandstraat. Daar was dit dat hij met 'n partij Afrikaners saam aan tafel gesit het om te eet en opgemerk het dat hulle 'n taal praat, ongelijk aan enige taal wat hij ken en selfs heelmaal verskillend van Hollands. Dit het hom laat opmerk dat Hollands sig in S. Afrika tot 'n afsonderlike taal had ontwikkel. Aan die Paarl is hij

toen met Ds. Du Toit en andere van ons in aanraking gekom en het, toen hij meer bekend geword is met onse toestande, begin praat om die spreektaal ook als skryftaal te erken en te gebruik. Algar was ons toen al meer of min van die Engelse goggatjie gebijt en het hom uitgelag... Dan, mnr. P. het veld gewin en een na die ander oortuig, dat sijn idee meer als 'n hersenskim was. Dit het hom moed gegee en geheel op eie houtjie het hij aan die B. & B. Bijbelgenootskap gaan skrywe omtrent vertaling en druk van die Bijbel in Afrikaans en Ds. Du Toit aangewijs als 'n geskikte persoon om sodanige vertaling te maak."

Is dit nie opmerkelijk nie, dat drie van die voornaamste lede van die Genootskap van Regte Afrikaners volbloed Hollanders was? Mnr. Pannevis, Hoogenhout en Van der Rijst was onder die manne wat met woord en daad aangewijs het die deugdelikheid van onse Afrikaanse taalsaak. Hoe 'n vername krag mnr. Pannevis was, blyk oorfloedig uit hierdie "Gesprek over het Kaaps-Hollands" wat hij in 1875 geskryf en wat in 1882 in die "Patriot" gedruk is. Wat 'n eenvoudige en deur-en-deur ware pleidooi! Wat 'n duidelike uiteensetting van die wijze waarop onse taal ontstaan is! Die stuk moet in sijn geheel bewaar word, om te sien hoe mnr. Pannevis argumenteerlê het, wat nou gerus als verslete munt kan beskouw word, maar wat toen nog als goeie geld in sirkulasie was.

Oom. — Kom Neef, terwyl gij nu hier zijt, laat ons een weinig over de toestand van ons land spreken; dat is nuttig, en te gelijk zeer opwekkelik.

Neef. — Goed, Oom; ik wil gaarne van een ouder mens, welken ik bovendien als een nadenkend en bedachtzaam man ken, iets over deze belangrijke zaak leren.

Oom. — Wel nu, wij zullen dan een onderwerp nemen dat tegenwoordig vrij druk besproken wordt, en waarover het allernoodzaaklijkst is, heldere denkbeelden te hebben, ten einde niet in gevaar te zijn om, door verkeerde inzichten en bemoeiingen, zich aan de toekomst van Zuid-Afrika te vergripen.

Neef. — Wat is dat onderwerp dan?

Oom. — Onze Afrikaanse taal, mijn kind!

Neef. — De Afrikaanse taal, Oom? Daar zijn mensen die zeggen dat wij geen taal hebben.

Oom. Ik wil u vragen: Wat is een taal? Is dat niet een manier om onze gedachten en gewaarwordingen uit te drukken?

Neef. Zeker, Oom.

Oom. — Hebben onze Afrikaanders ook het vermogen om te denken?

Neef. — Ik zou menen van ja.

Oom. — En kunnen zij ook hun gedachten uitdrukken?...

Neef. — Redelik goed; en ik zou menen, even goed als iedere andere natie. Een vreemdeling heeft mij eens gezegd dat hij dikwels ver-

wonderd heeft gestaan hoe kort en hoe du'del k Afr'kaanders het een en ander aan elkander kunnen beduiden.

Oom.—En nu Neef, wat denkt g'j wel van die l'eden d'e zeggen dat w'j geen taal hebben?

Neef. Ik moet zeggen Oom, dat zij al te eenvoudige l'eden z'jn; of, zij moeten met dat gezegde iets anders bedoelen.

Oom. Juist, neef! Dat gezegde: w'j hebben geen taal, is al te omzozel dan dat men mag onderstellen, dat de lieden er datgene mee menen wat er wezenlik in ligt opgesloten, 't Is niet alleen een dom; maar ook een goddeloos gezegde, dew'jl het de ontkenning behelst van de gave van denk- of spraakvermogen ons door God geschonken, en ons waarl'k beneden de d'eren stelt, we ke ook ieder hun bijzondere taal hebben. Maar wat, denkt gij, menen de mensen er dan mee?

Neef. Het schijnt mij of zij bedoelen, dat de taal die wij spreken te slecht voor ons, en eigenlijk *onze* taal n et is.

Oom. En van wie is dan wel die taal welke wij arme taallose, en toch zo voortreffelike Afrikaanders, ons wel verlagen te spreken?

Neef. Men zegt verachtelik: 't is een Hottentotstaal.

Oom. Dat is fraai! Met verachting spreken van iets wat men zelf niet heeft doch uit noodzaaklikheid moet lenen, en geen ogenblik kan missen! Hoe laag stelt men zich aan! Maar laat ons eerst z'en, wat dat woord *Hottentotstaal* beduidt. Men meent er toch de e genlike Hottentotstaal, of een verbastering van hun klaptaal niet mede?

Neef.—Het woord *Hottentot* is hier de algemens naam van m'n-aching, aan de kleurlingen onder ons gegeven; en *Hottentotstaal* het bedorven Hollands dat onder hen gesproken wordt.

Oom.—Hoe zijn zij aan het Hollands gekomen?

Neef. Onze voorouders hebben het uit Holland gebracht.

Oom. Was het toen onbedorven?

Neef.—Ik denk ja, Oom.

Oom.—En hebben onze voorouders die hier in Afrika voor ons gewoon hebben, zelve nooit Hollands gesproken, maar is het alleen aan de kleurlingen overgegeven, die het toen zo bedorven hebben? En wat hebben de blanken dan al die tijd gesproken, voordat zij het bedorven Hollands der kleurlingen hebben overgenomen?

Neef.—Wel, Oom, de blanken hebben het Hollands hier gebracht, en voortdurend geleerd en gesproken, zowel als de anderen.

Oom. Konden die voortreffelike blanken de taal die zij zelve spraken, en die oorspronkelik in zuiverheid hier bestond, dan niet voor bederf bewaren, zodat wij tot op deze tijd goed Hollands zouden spreken?

Neef. Het schijnt van neen, Oom!

Oom.—Zij staan dus hierin maar gelijk met die zogenaamde Hottentots, en hebben, altijd met hen samenwonende, gezamenl'k met hen de taal bedorven?

Neef. Ik denk zo, Oom.

Oom. En nu zij zelve hun eigen taal hebben helpen bedorven, dus zelve ook bedorven hebben, nu willen zij al de schuld van zich afwerpen, en zeggen: dat is onze taal niet! Neen, neef, wat zij verachtelik een *Hottentotstaal* noemen, is wel degelik hun taal, de taal die van ons voorgeslacht tot ons overgekomen is; en die Afrikaander die onze taal *Hottentotstaal* noemt, scheldt zichzelf daarmee voor een verachtelike Hottentot uit, Op anderen scheldende, scheldt hij zich zelf, en de zonde keert op zijn eigen hoofd terug.

Neef. Nu begr'jp ik de zaak, Oom. De taal die wij spreken is *onze* taal, en zij kan geenszins *te slecht* voor ons zijn, aangezien zij zich naar ons gevormd heeft.

Oom.—Recht zo. De taal, heeft men vaak gezegd, is de uitdrukking van het volkskarakter; en een fatsoenlik en schrander vreemdeling heeft mij onlangs nog meegedeeld, hoe hij met verwondering be-

speurd heeft, dat onze taal geheel met onze aard overeenkomt, en wij geheel en al voor elkander passen. En dat kan ook niet anders.

Neef. Maar, Oom, wij zijn dan maar een slechte natie, als wij zo 'n slechte taal hebben.

Oom.—Ja, neef, als onze taal slecht is, zijn wij het ook; maar is onze taal dan wel zo slecht?

Neef.—De mensen zeggen het.

Oom.—De mensen zeggen zoveel, en de een praat gewoonlik de ander na, die er evenmin van weet als hij zelf, ten minste even min er juist over heeft nagedacht.

Neef.—Maar, Oom, als wij onze taal eens bij het hoog Hollands vergelijken.

Oom.—Juist mijn kind, daar zit de fout. Het tegenwoordig Hollands wordt als maatstaf genomen waarnaar de taal die wij spreken, beoordeeld wordt, en alles wat van ons niet met dat Hollands overeenkomt, heet slecht en verkeerd.

Neef.—Ja, Oom, zo doet men.

Oom. Maar begrijpt men dan niet, dat dit onrecht is? Denkt men, dat het tegenwoordig Hollands even zuiver is als het oude waar van het, evenals onze taal, afstamt? Neen, vraag er de taalgeleerden naar; zij zullen u zeggen, hoe ook het Europees-Hollands gedurende de tijd dat onze taal haar ontstaan en vorming verkregen heeft, achteruit is gegaan, en zoo wij verbasterd Hollands spreken, de Hollanders onzer dagen doen evenzo. Ja, ik heb eenmaal de geleerdste man in ons land horen zeggen, dat ons Afrikaans in sommige opzichten meer bij de oude moedertaal gebleven is dan het hedendaags Hollands.

Neef.—Alzo zijn dan sommige dingen die voor slecht gerekend worden, eer voortreffelijk te noemen.

Oom.—Voorzeker, dit heeft in de wereld dikwels plaats. Maar, om niet af te dwalen, al heeft onze taal, over het algemeen, meer afwijkingen van de oude, dan het nieuwe Hollands die heeft, dan kunnen wij deze nog niet altijd voor slechtheid rekenen. Verschillende omstandigheden hebben bij ons *wijzigingen* teweeg gebracht, welke minder de afkeuring dan de opmerking waardig zijn, en voor het leergaag oog de rijke verscheidenheid van Gods gave die zich in het verloop des tijds bij het gewoel des levens ontwikkelt en ontsluitert, ten toon spreiden.

Neef.—De zaak wordt mij recht belangrijk, Oom. Ik wil er vlijtig over nadenken, Maar ga voort met uwe inlichtingen, als 't u belieft.

Oom. Gaarne, mijn lieve neef! Daar zijn drie omstandigheden welke tot het vormen ener bijzondere taal onder ons hebben bijgedragen, en het grote verschil dat er tussen onze taal en 't nieuwe Hollands bestaat, hebben teweeg gebracht en gevestigd. De eerste omstandigheid was het overplanten van de taal naar een vergelegene, in gedaante en klimaat geheel onderscheiden land. Gij begrijpt de invloed van dit onderscheid?

Neef.—Ja, Oom.

Oom. Welnu, dan behoeven wij daar niet verder over uit te wijden. De tweede omstandigheid was: het overgaan der Hollandse taal op zoveel vreemdelingen van allerlei natie. Hoewel de taal door Hollanders hier gebracht is, bleef zij echter niet het uitsluitend eigendom van deze en hun nakomelingen. Ons land is slechts een klein gedeelte door Hollanders bevolkt; de meesten der blanken zelfs waren andere Europeanen, hoofdzakelijk Noord Duitsers; voorts Frans en enz; dan had men de kleurlingen, inlandse en overgebrachte; en het karakter van al deze nationaliteiten en talen moest natuurlijk op de heersende taal welke alle vreemden en hun kinderen hier moesten leren, een blijvende uitwerking hebben. De weinige Hollanders konden dit niet keren; en alzo hebben allen gezamenlijk er toe meegewerkt om de taal

te vormen die tans onder ons gesproken wordt en van de Kaapstad tot over de Vaal door ieder een wordt verstaan. Is deze rede u duidelijk, Neef?

Neef.— Zonneklaar, Oom.

Oom.— Maar om nu deze taal tot een zelfstandige taal te maken en haar tot vrijere ontwikkeling te brengen, moest een derde omstandigheid er bij komen. Ware het Hollands bestuur gebleven, dan zou het moderne Europees-Hollands door zijn groot overwicht over het Kaapse dialekt de uitwerking der twee genoemde omstandigheden gedompt hebben, en er zou nooit van een Afrikaanse taal gesproken zijn dan in dezelfde zin als de Noord-Amerikanen der Verenigde Staten van een Amerikaans spreken. De taal der welopgevoede Afrikaanders zou Hoog-Hollands (de taal van opvoeding en onderwijs) zijn, alleen met een lichte Kaapse tint; en overigens zou het eigenlijk hier gevormde dialekt der onbeschaafden (dan ook minder onhollands) even weinig in aanmerking gekomen wezen als in Europa de meeste dialekten die men in de verschillende rijken hoort. Maar toen het Hollands gezag in Afrika ophield, en de Engelsman met zijn taal de overblijfselen daarvan voortdurend en meer in de weg trad en vernietigde, kreeg de vorming onzer taal allengs onder alle standen haar beslag. Het Hoog-hollands werd minder en minder geleerd, werd al vreemder en vreemder, het Afrikaans wijzigde zich al meer en meer naar het overheersende Engels, dat tans de taal der beschaving werd, terwijl de uitwerking der vroegere vreemde innemingen tegelijk meer werd bevestigd; en zo ontstond zulk een groot onderscheid tussen het Europees-Hollands en het beschaafde Kaaps-Hollands, en in het algemeen zulk een grote uiteenwijking tussen Hollands en Afrikaans, dat men tans van deze niet anders dan van twee beslistelijk onderscheiden talen spreken kan.

Neef.— Nu zie ik het duidelijk in, Oom, hoe ongegrond de klacht over de slechtheid van onze taal is.

Oom.— Wat zult gij zeggen, wanneer ik u mededeel, dat er in Europa meer dan één hooggeachte, overal elders aangeleerde taal is welke, op soortgelijke wijze als de onze ontstaan, veel meer dan ons Afrikaans, van haar oorspronkelijk verbasterd is, en de vergelijking met onze verachte spraak moeielik kan doorstaan, wanneer men beide recht naar haar aard beschouwt. Wanneer men er eens toe komt om onze taal behoorlijk te gebruiken als middel om aan en onder ons alle kennis mede te delen, en zij dientengevolge aangekweekt en naar de eis der onderwerpen van kennis verrijkt wordt (welke verrijking bij haar veel beter dan bij die hooggeachte talen kan geschieden), zal men inzien, dat wij Afrikaanders niet alleen zo vatbaar zijn als andere volken om alle wetenschappen aan te leren en te beoefenen, maar ook dat wij een taal hebben, even goed als andere als voermiddel geschikt voor de diepzinnigste en geleerdste gedachten. Een naauwgezette studie en beoefening onzer taal zal haar eigenaardige kracht en bijzondere schoonheid aan het daglicht brengen, en men zal zich nog eenmaal over dat verachte Afrikaans verwonderen. Doch over het in gebruik brengen onzer taal zullen wij liever nader spreken. Gij gaat toch zoo spoedig niet weer weg?

Neef.— Mijn plan is, Oom, om tot morgen avond hier te kuieren.

Oom.— Wel nu, dan zullen wij, hoop ik, nog wel gelegenheid krijgen om ons gesprek voort te zetten. Laat ons morgen namiddag bepalen, om, zo 't de Heer behaagt, nog een uurke over dit onderwerp te kouten.

Neef.— Gaarne, Oom; maar ik wenste dat gij mij wildet toestaan nu nog een paar vragen te doen betreffende iets wat zoeven door u gezegd is.

Oom.— Dat kan geschieden. Neef. Welke zijn die vragen?

Neef.—Gij zeydet, dat ons Afrikaans en het Hollands van onze tijd twee beslistelik onderscheiden talen zijn. Ik geloof dit; maar er zijn lieden welke dit ontkennen, en zeggen dat het *beschaafd* Kaaps Hollands, hoewel niet grammatikaal, echter niet zoveel van het Hoog Hollands verschilt om een afzonderlike taal te heeten, en dat men dit dan alleen met het platste Afrikaans kan doen, hetwelk zij dan Hot-tentots Hollands noemen. Wat is hiervan?

Oom. Mijn lieve Neef, *wat* maakt het onderscheid van taal? Niet de mindere of meerdere platheid van spraak, niet de kleinere of grotere rijkdom en verscheidenheid van uitdrukkingen; neen, gans niet; 't is de eigenaardige *geest* en het bijzonder *karakter* van ieder taal, waardoor zij zich onderling onderscheiden. Alle bewoners van Zuid-Afrika spreken het Afrikaans niet even plat en uit dezelfde voorraad van uitdrukkingen; maar de geest, het karakter der taal is bij allen zonder onderscheid hetzelfde, en wordt nergens gemist. Men moet niet spreken van die weinigen onzer landgenoten welke het zover gebracht hebben om een gebrekkig Hoog Hollands te spreken, en dat dan beschaafd Kaaps wenssen te heeten; neem het gros der bevolking, en vergelijk de taal die zij allen spreken, met de taal van Hollands en gij zult het moeten zien dat wij hier met twee verschillende *idiomen* te doen hebben: in beiden een geheel andere soort van uitspraak en gebruik, een geheel andere wijze van vervorming, en bovenal een geheel verschillende *samenvoeging* van woorden; de manier van denken en voorstellen is bij beide volken geheel en al van elkander afwijkend, en dit doet zich in de uitdrukking daarvan kennelik alom en ten allen tijd bespeuren; en ik kan het begrijpen wat een Hollander mij onlangs zeide, namelijk dat het bekend worden met onze taal hem alles te zamen ruim zo veel moeite gekost heeft als dat van andere van algemeen erkend belang; ook besef ik de waarde zijner mededeeling, dat hij dikwels hier en daar in ons land in de gelegenheid was op te merken dat het gros onzer bevolking van het hoog Hollands maar bitter weinig verstaat: waaraan hij dan ook het grote gebrek van onderzoek van Gods Woord, benevens de weinige leeslust onder het opkomend geslacht vooral toeschrijft; want het is te begrijpen, dat het lezen van boeken die men maar gedeeltelik verstaat, over het algemeen een lastig en vervelend werk is.—Maar wat was uwe andere moeilijkheid?

Neef.—Daar zijn mensen die beweren dat men in verschillende delen van Zuid Afrika zo verschillend Afrikaans spreekt, en van elkander afwijkt in het gebruik en de betekenis van woorden en zeggwijzen, dat het onmogelik is, een algemene taal voor ons land vast te stellen.

Oom.—Dat is weer een geheel tegenovergesteld beweren van daar even. De een zegt, dat onze taal te weinig van het Hollands verschilt om eene afzonderlike taal te maken, en de ander oordeelt dat het Afrikaans in zichzelf reeds te veel verscheidenheid bevat om daartoe te geraken. Zo vervalt men in de uitersten van bedenking, voor dat men de eenvoudige waarheid eener zaak leert inzien of erkennen. Neen, neef! ons Afrikaans moge alom zijn plaatselike en persoonlike verscheidenheid bezitten,—een volkomen en volstrekke gelijkheid zal men toch nergens op de aarde vinden, en andere talen zijn, naar het oordeel van deskundigen, nog veel ongelijker dan de onze: maar het komt hier weer, zoals ik reeds gezegd heb, op de *geest* en het *karakter* der spraak aan; en dit is door geheel Zuid-Afrika onmiskenbaar hetzelfde; dit heb ik bespeurd aan lieden uit alle oorden des lands met wie ik van tijd tot tijd in aanraking ben gekomen; en ik ken mensen, verstandige en opmerkzame lieden, die deze kolonie in de streken over Groot Rivier doorreisd en doorkruist hebben, en deze verzekeren mij hetzelfde. De zaak is klaar, wij spreken door Zuid-Afrika een bijzondere en eigen-

aardige taal, een zuster van het tegenwoordige Hollands deze taal is ons door de Voorzienigheid in de loop des tijds bereid, opdat zij ons het middel zou zijn om kennis te ontvangen en mee te delen: deze moeten wij gebruiken, zullen wij eenmaal voor ons zelve en de wereld al datgeen worden wat wij kunnen zijn. Ja, aan de overblijfselen en volledige erkenning van de Afrikaanse taal hangt de toekomst van Zuid-Afrika. Kom, laat ons een luchtje gaan scheppen!

HOUDING VAN NEDERLANDERS.

In hierdie verband moet daarop gewijs word, dat zoveel Nederlanders destijds óf Afrikaans als landstaal gunstig gesind was, óf die hopeloosheid van 'n herstel van Hollands in Suid-Afrika goed ingesien het.

Dr. Brill noem ons eers. Hij het in 1875 nie geaarsel om te sê nie, dat ons die strijd moet aandoen teen Hollands sowel als Engels. "Twee zo machtige invloeden, waarin ieder een eigene, hoge beschaving, vertegenwoordigt, te bestrijden en te overwinnen, zal zeker geen geringe taak blijken voor het jeugdige Afrikaanse element" (kijk 71 *Theses* van Ds. Du Toit bl. 72).

Van noem ons die bekende president Burgers. Een van die oorsake van sijn mislukking was, dat hij sijn tijd glad te vóór vooruit was. Die fout het ook sijn goeie kant gehad, n.l. dat hij reeds in 1875 die goeie reg van Afrikaans ingesien het. Dr. Brill sê hiervan: „En toch zal aan die voorwaarde (strijd teen Hollands en Engels) voldaan moeten worden, zal de voorspelling vervuld worden, die ik onlangs door President Burgers hoorde doen en hier eenmaal een taal worden gesproken, die noch Hollands is, noch Engels, maar Afrikaans" (71 *Theses* bl. 72).

Verder vermeld ons die naam van Dr. Changuion. Hij wou met geweld Hollands in Suid Afrika herstel, maar het gouw moedeloos geword. Hij sê: "Tans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneesheer een ongeneeslike lijder, wiens kwaal in haar verderfelike uitwerkingen wel enigszins kan gematigd, wiens wisse dood wel enige tijd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt" (71 *Theses* bl. 84).

Voorts die naam van Dr. Mansvelt. Hij sê: "Tegenover 't Kaaps-Hollands sta ik geheel anders dan vóór ruim vijf jaren. Toen was mijn eerste indruk niet heel gunstig, doch "onbekend maakt onbemind", en naarmate mijn kennis van 't Kaaps-Hollands is toegenomen, heeft zich mijn oordeel gewijzigd en heb ik ook 't goede leren opmerken, dat ik bij d' eerste kennismaking over 't hoofd had gezien." Du

voer hij verder die pleit vir "Hollands in Afrikaans gewaad," omdat hij met Dr. Changuion saamstem, dat Hollands in Hollands gewaad vir ons verlore is (71 *Theses* bl. 85).

Eindelik mag ons die naam van Ds. Van der Lingen nie verswiig nie. Hij was wel g'n volbloed Hollander nie, maar was dan tog Hollands van opvoeding en simpatie. Ds. Du Toit sê: "Skrijwer hiervan kan sig nog goed herinner, hoe die enige predikant van die Paarl vir hom op Admissie Eksamen 'n Griekse Herdersang van Theokritus in Afrikaans laat vertaal het, om ons te toon hoeveel beter dit sig in Afrikaans als Hollands laat vertaal" (71 *Theses*, bl. 74).

Behalwe bogemelde gunstige uitsonderings het Afrikaans heelwat vijandskap van die kant van Hollanders, maar veral van verhollandste Afrikaners ondervonde. Ds. Du Toit sê: "Die ou eikeboom, in plaas van trots te wees op sijn eie kind, wat so kragtig uit sijn wortels opspruit en belooft eenmaal sijn plek so wêrdig in te neem, stoot regtig sijn eie kind af en seg: Nee, wag! Jij trek net partij van mijn sap en vettigheid weg! Dis mijn plek; ik wil hier blij staan!" (71 *Theses* bl. 82).

Hierteënoor het Afrikaans die Hollands met kinderlike eerbied en opregte vrindskap bejegen, soos in 'n ander hoofstuk uitvoerig aangewijs word. Ds. Du Toit sê hieromtrent: "Watter van die twee, Afrikaans of Hollands sal blij staan naas Engels? Sal dit g'n strijd gee nie? Strijd, ja, maar g'n vijandskap nie! Strijd, maar g'n verdeeldheid nie. Strijd is goed. Ooral waar lewe is is strijd. Verdeeldheid sal ons nie werk nie. Ons denk aan die twee vrouwe met die kindjie voor Salomo. "Volkstaal" dis ons kindjie, maar ons het als ware moeder die kindjie te lief om dit aan twee te laat snij, dan staat ons dit liever aan die teenpartij af, dis tog ons kind, en die tijd, die trouwe Regter,—nog trouwer en wijs in sijn uitspraak als Salomo, sal die kindjie wel op die regte tijd aan die regte moeder gee" (71 *Theses* bl. 88, 92). Is dit nie mooi en waar gesê nie?

'N SPREEK- EN SKRIJFTAAL.

Maar ons gaan nou bietjie meer vertel van Ds. Du Toit als Vader van Afrikaans als skriftaal. Hij is dit wat die saak regtig aangepak het deur stukke te skrywe in die "Zuid Afrikaan", deur 'n nuwsblad uit te gee in louter Afrikaans, deur jaar uit jaar in met al sijn bekwaamheid die saak te verdedig, deur die stelling

neer te lê en te handhaaf: *skryf soos jii praat*, deur vir 'n spraakkuns en woordeboek te sorg, deur die taal te gebruik in die digkuns, joernalistiek, dramatiek, Bijbelvertaling, romanliteratuur, korrespondensie, wetenskaplike verhandeling, deur die smaat vir onse taal te dra en die strijd vir onse taal te strij tot die end van sijn lewe toe.

En wat het Ds. Du Toit dan daartoe gedring om te doen wat ander nie gedoen het nie en aan te hou, waar ander moed sou opgegee het?

Ons wijs hier alleen maar op twee oorwegings: 'n *praktiese* en 'n *nasionale*. Die praktiese oorweging formuleer Ds. du Toit self aldus: "Wel, ons het nooit geseg ons volk *verstaan* g'n Hollands nie. Wel seg ons: hulle verstaan dit nie *volkome* nie; hulle *voel* nie ten volle wat hulle in Hollands lees en hoor nie. Maar wat ons wél altijd geseg het, en nou vir goed hier vastel is: *dat daar nie een uit duisend Afrikaners is wat behoortlik kan Hollands praat of skrywe nie*" (71 *Theses* bl. 98).

Laat dan ook onse taalvijande maar weer probeer om hiendie skans aan te val, wat Ds. Du Toit gebou en ons nagelaat het, en dit sal blijk, ja het gedurig geblijk, dat ons, jongere, dit net so gaaf kan verdedig als wat Ds. Du Toit dit al die jare gedaan het. Daar word in Krupp sijn fabriek g'n kanonne gemaak om hierdie vesting stukkend te skiet nie.

Hoor nou wat Ds. du Toit verder hieromtrent te se het in sijn 71 *Theses*, bl. 80:

"Engels en Hollans was albei ver di massa van onse bevolking 2 vreemde tale. Daarom kon di Afrikaner sig oek ni in di publike lewe laat gelde ni. Hoeveul Afrikaners was daar, en is daar nou nog, wat op 'n Vergadering 'n rede in Engels of Hollans kan voer, of wat in 'n koerant 'n stuk in Engels of Hollans kan skrywe. Daarom het di Afrikaner sig dan oek moes terug trek tot di stille huislike lewe, waar hulle alleen sig kan laat gelde in hulle taal. In di Kaap Koloni en Natal, waar Engels di taal van di Regering en publike lewe was, het natuurlik di weinige Engelse en verengelste Afrikaners di heerskappij gevoer, met weinige uitsonderinge, wat heeltemaal magteloos was, en sig dan oek mar laat mésleep het. In di Vrijstaat en Transvaal, waar Hollans di offisiële taal was, het di bevolking sig wel op Vergaderings laat hoor, want hulle het mar Afrikaans *gepraat*, tot selfs in Volksraad en Uitvoerende Raad Mar *skrywe* kon hulle di Hollanse taal ni, en daartoe was hulle kantoorwerk en administrasi amper heeltemal in hande van Hollanders.

"'n Sprekende voorbeeld tot oph ldering breng ons hier bij Kort na di Burgeroorlog in Transvaal hou di burgers 'n B j-

eenkoms. Een van hulle hou 'n warme aanspraak, om an te toon hoe di Hollanders di oorsaak is van al di onenigheid in di land, deur áltijd di politiek toe te pas: "verdeel en heers." An di end stel hij voor, om geld bij makkaar te maak en 'n skip te huur, en al di Hollanders terug te stuur na hulle land toe. Di voorstel vind algemene bijval, en sou seker deurgegaan het. Mar een van di Boere seg: "Ek is dit oek eens, dat di Hollanders di oorsaak is van al onse onenigheid en dat ons hulle liwers moes wegstuur; *mar wi sal dan ver ons skrywe?*"

"Had di Transvaalse Drimanskap en Volksraad, na di Vrijheidsoorlog, by di herstelling van di Republiek, Afrikaans erken as Landstaal, dan sou dit daar vandag anders uitsiin in di Republiek.

"Tot di Afrikaanse taalbeweging begin het was ons volk so goed as doofstom! Ja, nou begin di tong los te gaan. Mar dis nog ni genoeg ni. Afrikaans moet erken worde as Volkstaal, as offisiële taal. En wat belet dit? Dit blijk in di volgende Stelling."

So het Ds. Du Toit die tonge los gemaak en ons skaam ons nou nie meer om op die hoogste en eerwaardigste vergaderings Afrikaans en niks als Afrikaans te praat nie.

Dat die "Patriot" die mense leer lees het word algemeen erkend. Mnr. J. H. Hofmeyr het gesê: "Wij bevinden, dat terwijl intekenaren, die de "Zuid Afrikaan" voorheen lazen—misschien op één uitzondering—dezelve ook na die stichting van de "Patriot" bleven lezen, er anderen waren, die voorheen niets hoegenaamd lazen, maar voor de "Patriot" intekenden, wier leeslust door dat blad werd aangewakkerd en nu zowel "Zuid Afrikaan" als "Patriot" lezen. Wij twijfelen er niet aan of het "Volksblad" heeft hetzelfde ondervonden. In één woord, de "Patriot" heeft velen doen lezen, die nooit tevoren eraan dachten voor een krant in te tekenen. (Kijk die "Taalbeweging".)

Dieselfde getuigenis gee Prof. Cachet bij die staking van die "Patriot": "Er is geen blad dat meer gedaan heeft om die Hollandse Afrikaners op te wekken ...het leerde velen lezen" (*Stem*, Jan., 1905). Mnr. Preller roep dan ook uit: "Het leerde velen lezen! Kan een koerant edeler roeping vervullen in een land waar niet gelezen wordt? (*Laat 't ons toch ernst wezen!* bl. 30).

Is daar 'n beter aanbeveling vir 'n taal? En is daar beter bewijs dat *Afrikaans* is die taal van die Afrikaner? vraag ons op onse beurt.

Maar die vernaamste is, dat Afrikaans die mense *skryflus* gegee het.

Dadelik het 'n korrespondent in die "Patriot" geskrywe: "Kerels ek is reg blij dat ons arme domme

onderveldsboere tog ook nou 'n koerant sal krij in ons taal. Skryf nou dat dit help—dis ons taal" (15 Febr., '76). En mr. A. J. Herholdt skrywe: "Ek ken nie Hollans nie, ek ken oek nie Engels nie, en as daar 'n Afrikaanse taal is, dan kan ek dit tog gou leer skrywe" (15 Mrt. '76).

Die briewe het dan ook gestroom naar Oom Lokomotief s'n kantoor, en skrywer hiervan weet bij ervaring hoe die grootste deel van die tijd daar bestee werd om die Afrikaanse hieroglyefe te ontsijfer en vir die pers gereed te maak. Meer als een hand moes sig daarmee besig hou. Selfs het die "Patriot" vir 'n deel sijn sukses daaraan te danke, dat die ingesonde stukke soveel molik geplaas werd.

In die no. van 10 Jan., '79 werd selfs voorgestel om 'n aparte korrespondensieblad te gee, sodat alle briewe kon geplaas worde. Oom Lokomotief wou nie net die vernaamste briewe opneem nie. Hij sê: "dis 'n daad van selfmoord vir onse taalbeweging. En eer hij die bevolking hulle tong afsnij, omdat partij nie dadelik goed kan praat nie, nee dan laat Oom Lokomotief hom nog liewers begrawe onder die briewe, dan kan 'n ander dit nog na hom opvat... 'n Kind praat oek nie dadelik goed nie... Vele van ons Afrikaners het maar min skool gegaan, en in die opsig moet die "Patriot" vir ons 'n skool en 'n skoolmeester wees." Oom Lokomotief het blij aanmoedig en gesê: stuur maar, ik sal dit vir jul regmaak.

SPELLING.

Aangaande die spelling het Ds. Du Toit verklaar: "Dis nie een man sijn werk om die spelling van 'n taal te regel nie". (Kijk die "Taalbeweging").

Dis waar geblyk. Intussen het Ds. Du Toit 'n vaste koers gevolg, wat hom eindelijk bij 'n streng-fonetiese spelling laat aanland het. Hij sê daarvan reeds in die "Patriot" van 4 Okt., '78:

"'n Paar korrespondente vraag dat die spelling van die "Patriot" moet verbeterd worde. Dis 'n moeilike saak... Daar is maar twe grondregels: 1) die *fonetiese* beginsel, dat wil sê: gaat na die klank, skryf soos jij praat (of 2) die *etimologise* beginsel, dat is: skryf die woorde na die woord afleiding. Albei het moeilikhede; mar die eerste, wat ons gekies het, is die maklikste en doelmatigste. Die tweede het ono'erkomelike moeilikhede... In die stukke wat ons self skryf, het ons 'n vaste spelling. Mar onder die hoof *korrespondensie* kan hulle sien seg ons: "om die taal sijn vrije loop te gee, laat ons elkeen vrij om te spelle soos hij wil."

Nou ja, die Afrikaanse spelling is eindelijk vasgestel. Wel is dit nie soos Ds. Du Toit in syjn latere periode Afrikaans geskryf het nie maar dis tog 'n verwerkliking van syjn beginsel: Skryf soos jij praat.


DIE NASIONALE OORWEGING.

Prof. Cachet het aan skrywer hiervan een keer gesê, dat hij kort na die Transvaalse Vrijheidsoorlog bij Pres. Kruger ernstig aangedring het, dat hul Afrikaans die offisiële taal van Transvaal moes maak. Die professor het die president verseker, dat hij Transvaal als vrije republiek sou behou als Afrikaans offisiël erken werd, terwyl hij Transvaal sou verlies als dit nie gedaan werd nie.


Maar ons kan in hierdie verband nog iets meedeel. Uit gesaghebbende bron verneem ons, dat een van die prominente lede van die Paarlse "Genootskap" (jammer dat ons nog nie die naam mag noem nie) persoonlik in Junie 1881, met die Driemanskap oor die offisiële erkenning en invoering van Afrikaans gehandel het. Hul was eenparig daarvoor, maar hulle wou hê dat dit van die volk moes uitgaan, die volk moes daarom versoek. In distrik Rustenburg, op die plaas van Komdt. J. H. Fouché, (Olifantsnek), had die bewuste lid van die "Genootskap" geleënheid om 'n tamelike groot vergadering toe te spreek. Daar het hij op die punt gedruk, meegedeel hoe die Driemanskap daarvoor denk en aangeraai om petisies daarvoor te teken. Die vergadering was eenparig vir die saak. 'n Verslag van die vergadering, aan die „Patriot” versonde, het verlore geraak.—

Op offisiële erkenning van die volkstaal het ook die "Express" van 21 Julie 1881 aangedring: „We mócten als onze innige overtuiging te kennen geven dat er, naar 't ons voorkomt, geen ander middel bestaat voor de bescherming en instandhouding van de Zuid Afrikaanse taal, dan dat deze kwestie zonder uitstel op de voorgrond gesteld wordt en besproken met het doel, dat deze Regering en die der Transvaal haar zullen aannemen als de officiële taal en dat zij gebezigd wordt om onze kinderen te onderwijzen.”

Dit het ons veel laat nadenk. En ons het onself die vraag gestel, of die dwarstrekkerij onder Afrikaners nie daaruit voortkom nie; daaruit dat ons nog g'n gemeenskappelijke taal het nie, en dus g'n band, g'n doel, g'n selfbesef, g'n ideaal nie?



Die Transvaalse Deputasie.



Pres. F. W. Reitz.



**Die eerste skoonmoeder :
Mevr. Joubert.**



Mevr. Du Toit, (geb. Joubert).



Mevr. Du Toit, (geb. Malan).

Meer en meer word ewewel besef die wijsheid uitgedruk in die tweede artikel van die Genootskap van Regte Afrikaners: "Die doel is om te staan vir ons *Taal*, ons *Nasie* en ons *Land*." Eers die taal en dan die nasie.

Die "Patriot" van 1876 (15 Apr.,) skryf dan ook in verband met die Konfederasie-kwessie: "Kom daar Konfederasie of Vereniging, dan moet die Afrikaanse taal—ons taal—die eienste reg hê als die Engelse hulle taal. Sonder ons taal g'n Konfederasie".

Nou ja, daar is Konfederasie of liever Unifikasie gekom en—Afrikaans is nog nie offisiël in gebruik nie! Is dit dáárom—so vraag ons weer—dat Afrikaners nog nie kan koers krij nie en so onder mekaar haspel?

Die nasionale oorweging het bij Ds. Du Toit veel gewig in die skaal gelê. Sijn 45e stelling lui: "Ondersteuning van die Afrikaanse taalbeweging is plig van elke ware Afrikaner, *en meteen 'n toetsteen vir die waaragtigheid van sijn patriotisme*" (71 *Theses* bl. 92). 'n Veragter van sijn moedertaal was in sijn oog nie minder 'n sondaar als 'n landverraaier nie. "En tog gaat die taalverraad gedurig aan. Mag ons hoop, dat ons hiermee die woord *taalverraaier* vir goed in gebruik gebreng het en dat dit voortaan die skandnaam sal wees van elkeen wat sijn moedertaal nie in eer hou nie!" (*Theses* bl. 54).

Laat ons hier, tussen hakies, net sê, dat ons veel aanhaal uit die 71 *Theses*, of *Afrikaans ons Volkstaal*, omdat dit nog altijd die beste pleidooi is wat vir Afrikaans gevoer is. Die boek is in 1891 uitgegee en opgedra aan President Reitz als "Kampvegter vir die Afrikaanse Taal."

VIJANDSKAP.

Vijandskap het die Afrikaans, saam met die "Patriot", heelpartij ondervind. Ons gee, om die tijd bietjie te karakteriseer, 'n paar interessante staaltjies.

Die "Express" van Bloemfontein was eers teen en toen vóór Afrikaans. Hij het die "Patriot" eers beskuldig dat die "'n nuwe taal wil invoer, iets wat homself nie erns is nie." Verder: "Het Spel- en Leesboekie," zowel als de "Patriot" wordt uitgegeven als een spekulatie, berekend om te asen op de eenvoud der Zuid Afrikaanse Boeren, wiens vooroordelen het aanmo digt op de allerlaagste wijze." O.a. blijk die vijandskap ook uit 'n brief van die Express-editeur aan mar. J. S. v.d. Walt, Vrolijkheid, Trommel, Winburg:

"Waarde Heer;—In de Patriot van 10 Jan. ziet ik dat Ued. als een agent voor die courant benoemd is. Dat is regt, maakt het Hollandsch maar zoo slecht as mogelijk, druck hem maar de kop in, met het te verbasteren en het zal te grond gaan, zoo zeeker als de Hemel boven ons is, en waar het verdwijnt zal de Engelsche taal zijn plaats vervangen. Het Engelsche Gouvernement behoorde aan de Patriot iedere jaar een paar duizend pond te betaalen om de Patriot regt te verspreiden, het is de beste agent voor hulle die hulle krijgen kan... U kunt net zoo goed van de ouwen Afrikansen Rammen tusschen goede schaapen zetten, dat vernield natuurlijk de kudde, maar het is patriotisch; of ou Kafir Bullen tusschen goede koeien."

Hierop teken Oom Lokomotief aan: „Die taal is ellendig, slegter als die slegste Afrikaans wat hij so skerp veroordeel; 'n mengelmoes van Duits, Hollands, Afrikaans, ens". (P. 17 Jan., 1879).*

'n Ander voorbeeld van teënkanting vind ons in die "Christen" (destijds die vervanger van die Kaapse "Kerkbode"). Ons neem net 'n stukkie oor uit 'n leader van die "Patriot":

"Afrikaans is arm in woorde, seg die *Christen*. Hoofregter Reitz seg en bewijs, dat dit rijker is as Hollans. Wel die *Christen* sal die teendeel bewijs, met bewerings. Te sê "dat het Kaaps waar het te kort schiet van het Nederlands lenen kan, dat de ganse schat" ens., "is puur zand in de ogen strooien. Want het is niet waar. Een van twee: het Kaaps moet zich zelf uit zich zelf kunnen helpen aan de woorden die het behoeft; of het moet van Nederduits lenen en dan wordt het van lieverlede Hollands. En zo is het." Hoe moet ons dit verstaan? Eers was ons sonde dat ons Hollans uitroei, nou kom die *Christen* weer vertel dat ons langamerhand tot Hollans terug lei! Mar het ons tijdgenoot daar dan beswaar teen? Hij ijwer tog oek ver Hollans? En as die weg wat ons ingeslaan het tot Hollans terug lei, dan moet hij ons mar 'n hantjie help. Doet hij dit nie dan kan hij dalk die skijn gé as of sijn ijwer ver Hollans mar *skijn* is, en dat eintlik hij besig is met "zand in de ogen te strooien." Dat die taal van die *Patriot* ontwikkel erken hij vrijmoedig. Dit kan oek nie anders nie, en is die geval met alle lewende tale. Namate 'n volk ontwikkel *moet* die taal wat hij spreek oek ontwikkel. Mar is dit wel waar dat die ontwikkeling van ons taal tot Hollans terugvoer? Die "Christen" sijn bewijs leg in die vergelyk van die taal waar die *Patriot* me begin het, met die "meer ontwikkelde die dat blad tans spreek." Met die vergelyk staat of val die *Christen* sijn bewering. Daar hang dus alles van af. Ons tijdgenoot geef die vergelyking nie, en reken waarskynlik daarop dat sijn leser die eerste Patriotte nie sal hê, om dit te vergelyk nie. Om ons

*Aangaande die intieme geskiedenis van de "Express"-bekering kan ons nou nog geen medelings doen nie. Dit sou anders wel interessant wees.

lesers daartoe in staat te stel vraag ons verlot om hier 'n paragraaf o'er te skrywe van ons *eerste* stuk wat ons in Afrikaans geskrywe het, ons Manifes of groete an Landgenote." (P. 23 Julie '80.)

Deur die "Christen" word gespreek van Taalontwikkeling (natuurlik Hollands s'n kant toe). Teënwoordig praat hul meer van taalveredeling. Alsof 'n mens 'n eenmaal edel-gebore ding nog kan veredel! Wat vir taalbegrip is dit tog?

Teën *so'n* ontwikkeling of veredeling was Ds. Du Toit altijd soos gif. In antwoord op 'n versoek om die "Patriot" se taal te verbeter, d.i. meer Hollands te maak, antwoord hij:

"Ons sal veeleer besluit om die "Patriot" heeltemaal in taalkundig mar eenvoudig Hollans uit te gé as om so 'n mengmoes daarin toe te laat. En wel om die vollende redes:

a) Dan het ons gen vastigheid onder onse voete nie: die een wil dan dit weg he, 'n ander dat, en so voort, totdat ons tog maar weer nix anders het as Hollans.

b) *Dan* pas juis die verwijt van die vijande op ons, wat hulle ons nou ten onregte wil voorhou, n.l. dat ons 'n nuwe taal wil maak, wat gen sterfeling kan doen nie". (P. 20 Junie '76).

Eindelik gee ons nog wat 'n predikant van naam skrywe (ons verswigg liewers wie dit is) aan 'n koerant van naam. Hij sé:—

"Ik verheug mij dan ook ten zeerste in de uitgave van zulke koeranten als *Die Patriot*, de *Zuid Afrikaan* en de *Volkstem*—de eerste terwille van die gedurige opwekking (hoe eenzijdig en vergiftigd ook naar mijn gevoelen) tot echte vaderlandsliefde, en de andere twee ter wille van de schone taal waarin zij geschreven worden. Waarom toch verandert de vaderlandslievende *Patriot* niet van taal? Het is ongerijmd liefde voor het *vaderland* in te boezemen, terwijl de *moedertaal* als met voeten vertreden wordt. Vader en moeder moesten even dierbaar zijn. Kan de *Patriot* het niet van zich verkrijgen het bespottelijk *patois*, waarin hij schrijft, te laten varen en het zuivere grammatikaal *Kaaps*-Hollands aan te nemen? Indien ja, dan ben ik er van overtuigd dat wij twintig jaren nader zijn aan de bereiking van het heerlijk doel: Een verenigd Z. Afrika met het Hollandse element, *in alles* op de voorgrond" (P. 14 Mei '80).

TWIJFELMOEDIGHEID.

Dat al die teënstand in Ds. Du Toit s'n siel twijfelmoedigheid gewek het, kan 'n mens verstaan. Dikwels moes hij hom afvraag: is ik wel op die regte pad? In hierdie verband neem ons hier oor wat Ds. Du Toit, in 'n polemieek met Ds. H. C. de Wet, noem 'n "histories stuk". Dit lui:

“Mijne overtuiging is : dat onze spreektaal ook als schrijftaal erkend moet en zal worden, vroeg of laat. Doch zo min kleingeestig of eksklusief ben ik op dit punt, dat ik steeds het verschil heb zoeken te vermijden door bijv. in de Konstitutie van de Afrikaner Bond en andere stukken steeds te spreken van “Landstaal,” het aan de tijd overlatende; dat ik (tegenover het onrechtmatig indringen en opdringen van het Engels) alle pogingen tot handhaving van 't Hollands heb ondersteund niet alleen, maar zelfs het initiatief daartoe hebenomen; zo heb ik indertijd in de *Zuid-Afrikaan* de voorstanders van 't Hollands opgeroepen tot samenwerking door de vorming van een Genootschap ter bevordering van 't Hollands; zo heb ik vooraf gemelde voorstanders tijdens de Synode tot een onderlinge overeenstemming helpen brengen aangaande een voorstel dat door Ds. Louw (Murraysburg) voorgedragen en aangenomen werd (hoewel huiselike omstandigheden mij wegriepen toen de zaak ter sprake kwam); zo heb ik een komité helpen vormen, waarvan ik de eer had Sekretaris te zijn om de zaak van 't Hollands verder te bevorderen, waarvan de uitslag was het uitzenden van petitiees om 't gebruik der Hollandse Taal in School en Parlement te bevorderen, waarvan het gunstig resultaat reeds bekend is. Ja, voor zover de Hollandse taal nog de erkende taal is, schik ik mij geredelik in haar gebruik. Zo heb ik bijv. “de Nederduitse Taal” tot medium van onderwijs voorgesteld in de nieuwe schoolwet voor de Z. A. Republiek.

Van eenzijdigheid of eksklusiviteit zult gij of iemand anders dan ook mij en de “Patriot-partij” niet kunnen beschuldigen. Wij werken samen met degenen die voor 't Hollands zijn, en al wat wij vragen is : laat ons vrij, laat het volk vrij, wat de taal aangaat; werkt gij voor 't “Hollands,” en laat ons voor 't “Afrikaans” werken; en laat de tijd het dan leren wie 't winnen zal. Daarom kan de uitgave van de *Patriot* in 't Afrikaans, en van de *Volkstem* en de *Express* in 't Hollands onze partij-vorming niet hinderen. Laat men slechts wederkerig vrijheid geven (gelijk men ook doet) aan inzenders om hun bijdragen te leveren in welke taal zij verkiezen, terwijl de redaktie zich houdt aan de taal harer keuze.

Ja, zover ging mijn toegeeflikheid op dit punt, dat ik reeds in December 1878, op een desbetreffende vraag van de redaktie, het volgende voorstel schreef aan de *Patriot*, dat om vele redenen niet verscheen en dat ik nu als een histories stuk hier opneem, daar mijn gevoelens op dit punt nog even onbekrompen is, en er veel in voorkomt dat geen onbelangrijk licht werpt op 't punt in kwestie :—

Meneer Redakteur,—In die *Patriot* van 20 December het jy die vraag behandel of dit nie beter sal wees om die *Patriot* in eenvoudig Hollans uit te ge nie. Jy het toen die *voordele* van albei in die skaal gegooi, en soos jy dit daar gege het is dit seker dat die Afrikaans swaarder weeg. Mar jy het nie *al* die voordele van Hollans opgenoem nie, en dan het jy oek nie gelet op die *nadele* wat an albei verbonde is nie.

Ek seg : u het nie *al* die voordele van Hollans genoem nie.. Om net mar an een voordeel te herinner wat u vergeet het, dis

namelik, ons sal nie mar net baing intekenaars kry nie; mar ons sal mense bykry van meer geleerdheid en bekwaamheid om leiders te wees in publieke en politieke sake, soos nou met die verkiesings ver Parlement, en 'n 40 of 50 sulke voorwerkers by is in die opsig ver onse saak meer gewonne as 400 of 500 stille in die lande wat wel die gevoelens van die *Patriot* lees en toestem; mar nix kan doen tot uitvoering daarvan, omdat hulle nie gewend is om 'n leidende aandeel te neem in publieke sake nie.

Dan seg ek, u het vergeet om die *nadele* van albei op te som, en dit moes gedaan wees voor ons tot 'n slotsom kom. Kyk, een saak kan meer voordele heh as 'n ander, en tog kan hy minder verkieslik wees omdat daar veel meer nadele an verbonde is. En so het Afrikaans nadele wat Hollans nie het nie. Afrikaans is nog nie erkend nie deur die landswet nie, nie veroorloof in die skole nie, ens., en Hollans wel. Verder die vooroordeel bij die bevolking teen Afrikaans is 'n hinderpaal wat Hollans nie het nie.

Ek sou dus voorstel: LAT ONS DIE PATRIOT EENVOUDIG HOLLANS MAAK.

1. Nie omdat ons erken dat ons verkeerd had met Afrikaans voor te staan nie. Né, ons argument staat nog altoos onwederlegd, en sal dit ook wel bly.

2. Nie omdat ons meen dat Hollans te herstel mo'entlik en Afrikaans te beoefen onmo'entlik is. Né, Afrikaans groei elken dag an in ons land, en Hollans neem elken dag af.

3. Nie omdat ons onse Afrikaanse saak opge nie. Né maar om dit te bevorder; ons Almanak moet Afrikaans bly, die Bybel moet in Afrikaans vertaal worde, Afrikaanse Leesboekies moet ons uitge, ens.

4. Nie omdat ons die minder geleerde klasse van ons bevolking wil uitsluit nie. Né, die Hollans van die *Patriot* moet so eenvoudig wees, dat die ongeleerdste dit moet kan verstaan, en dan moet die wat gen Hollans ken nie reg heh om in Afrikaans te skrywe daarin as korrespondente.

5. Nie omdat ons nie kans siet om ons saak langer vol te hou nie. Né, met Gods hulp staat ons nie alleen tot vandag nie; maar neem onse saak nog bij die dag toe.

6. Nie omdat ons in die minste ons beginsels wil versaak nie. Né, *Patriot* blyf *Patriot*, in syn beginsels.

Mar waarom dan?

1. Omdat ons dan dadelik 'n hele party voorstanders en voorwerkers bykry, onse saak het dit nodig want daar moet kragtiger gewerk word as ons in staat is, en baing staat klaar, wat nou teen ons is, om dan same te werk.

2. Omdat ons daardeur die blinde vooroordeel die mond stop. Kyk hoe misken hulle nou die *Patriot* op publieke vergaderinge, in politieke sake, ens. As hy eenvoudig Hollans is sal hulle hom *moet* erken.

3. Omdat selfverlogening in Gods Koningryk altyd die weg is tot o'erwinning. Jesus onse Heiland moes skynbaar beswyk ver syn vyande, voor hy kan o'erwin; Wickliffe en Huss moes die marteldood sterwe eer hulle werk bekroond word in die Her-

vorming, ens. Menige poging in die regte saak moes eers misluk, opdat die mens nie roeme, en uit die skynbare nederlaag bou God dan syn saak heerlik op.

4. Omdat dit oek mar 'n *skynbare* nederlaag is, en werklike onse saak bevorder. Ver die taal self kan 'n koerant nie so veul doen as boekies nie, en dan kry ons meer geldelike ondersteuning en kan die saak sterker drywe, deur nuwe en goedkope uitgawe van "Die Geskiedenis van ons land," "Misdadig England," "Gedigte," en deur meer sulke nuttige boekies, veral Leesboekies en Boekies ver kinders." (P. 16 Junie '82).

Gelukkig dat Ds. Du Toit en sijn medestanders onder die versoekings volgehou het. Ds. De Wet het daar ewewel anders oor gedenk. Hij skrieff:

"Het voorstel dat gij in 1878 aan de Redaktie van de *Patriot* opzond was uitnemend—"Lat ons die *Patriot* eenvoudig *Hollands maak*;" en dan de opgaaf van redenen daarvoor. Onverbeterlik! Hoe jammer, hoe duizendwerf jammer toch dat het niet in de *Patriot* verscheen en het voorstel ook niet aangenomen werd. En waarom toch niet? Welk een opgang zou zulk een blad in eenvoudig Hollands niet hebben gemaakt!" (P. 14 Julie '82).

Maar die taalsaak was ook 'n saak van *gebed*. Daarom ook kon die manne uithou. Ons lees b.v. in die "*Patriot*" van 1 Febr. '78: "Vrijdag is die Biddag vir die Afrikaanse Taalbeweging. Ons hoop alle ware voorstanders sal daaraan gedenk. Dit was van die beginne af 'n saak des gebeds. Met 'n vrijgemoed durf ons die Heere vra om die saak te bevorder tot sijn eer. Durf die teënstanders 'n Biddag uitskrijwe, om die Heere te vra om die saak te verbreek? Hier is 'n goeie toetsteen."

'N PROGRAM VAN WERKSAAMHEID.

Ons sluit die hoofstuk met daarop te wijs, dat Ds. Du Toit, nie alleen aan sijn volk 'n taalgegee het nie, maar dat hij ook vir ons 'n program van werksaamheid nagelaat het, wat vereers nie sal afgewerk word nie. Ons haal aan uit die 71 *Theses*, bl. 94:

"Vereers sal di meerderheid van di bevolking wat Afrikaans praat sig moet uitspreek, dat hulle dit met ons eens is. Dus sal daar nog meer as tot nog toe op di volksgees in di rigting moet gewerk worde. Tot nou toe was ons doel net om die Afrikaner te laat verstaan: "Jy het 'n taal; die taal praat jy; di taal is jou onmisbaar; di taal is ver jou die beste; skryf di taal nes jy dit praat." Die grote werk het ons nou so ver gebreng, dat ons reken dis nou di tyd om di tweede hoofgedagte by di volk te laat ingang kry: "Di taal wat jy praat in jou huis, en op di mark, en in di Raadsaal, en wat jy lees in jou koerant, di

taal moet erken worde as offisiële taal in di Skool, in di Staat, in di Kerk, en oral." Daartoe moet 'n poging gemaak worde met 'n Afrikaanse Taalkongres.

"Verder, di taal moet tot eenvormigheid in skryfwyse gebreng worde. Daartoe is nodig veral 'n Taalkunde en Woordboek. Wel, albei kan maklik genoeg uitgegee worde, en ons is daartoe bereid oek. Mar om dit meer gesag te gè behoer dit nagesiën en bekragtig te worde deur daartoe bevoegde persone, wat op so 'n Taalkongres moet benoem worde, vollens onse mening.

"Dan, moet die taal geleer worde in onse skole. Daartoe sal ons verlof moet kry van di Departement van Onderwys. So ver ons di saak insiën sal dit ni nodig wees om enige wysigings in di skoolwet te laat maak deur di Parlement ni. Hiir is mos ni vasgestel watter taalkunde, of woordboek, of spelling moet gebruik worde op skole ni. Dus is dit ni 'n saak ver die Wetgewing ni; mar van regeling met di Superintendent van Onderwys. En as hulle wel Kaffertaal laat leer, waarom dan ni onse taal ni? Mog daar egter beswaar gemaak worde, dan gaat ons na di Regering; en as ons daar oek ni onse sin kry ni, dan na di Parlement. Mar di eerste saak is nou di nodige Leerboeke ver Afrikaans, en dan waar di publiek daar voor is, dit invoer in di skole:

"Eers wanneer di skryftaal dus tot eenheid gebreng is, en wanneer dit geleer worde in di skole, dan sal ons verder gaan, en eis dat Afrikaans as offisiële taal sal erken worde oral waar Hollans dit nou nog is, en waar Engels te ver sig di oppergesag toeëigen.

"Dus ons eis is gen onredelike, gen voorbarige ni. Mar daarom des te beslister. Seg die voorstanders van Hollans en Engels: "Dit sal dan wel nog lank duur." Ons antwoord is: "Ja ons werk met di kalme bedaardheid van di man wat seker is van syn saak; en dit sal altemit ni so lank duur as julle denk ni; juis omdat onse taal so maklik is. As julle een van julle tale so moes inwerk, ja, dan sal dit baing lank duur. Mar Afrikaans groei soos 'n inlandse boom, in syn eie grond en klimaat, wis en seker. Wil julle ons ni help ni; laat ons dan tog mar net vry en hinder ons ni. Dan is ons oek al te vrede." Nou, billiker kan ons eis tog ni wees nie!"

Die Taalkongres, waarvan Ds. Du Toit toen (in 1891) gespreek het, werd werkelijk deur hom opgeroep. Hij was steeds die man van die daad. 15 en 16 Januarie, 1896 het die Kongres aan die Paarl gesit. Dit was 'n groot sukses en werd biggewoon deur mense uit die hele Kaapkolonie. Selfs uit Vrijstaat en Transvaal was daar aanwesig.

Maar die Jameson-inval wat verdeeldheid in die geleedere gebreng het, het juis plaas gevind en die volgende Kongres het nie meer so grote opgang gemaak nie. Tog is daar veel goeie werk gedaan, soos blijk uit die verslaë, wat nog, apart afgedruk, verkrijgbaar is. Ons verwys die belangstellende en onder-

soekende leser daarheen. In die rigting van die besluite het Ds. Du Toit blij voortwerk, sodat wat op die Kongresse gesaai werd, ook vrug gedraag het. Ons herinner terloops aan die besluite aangaande die spelling, aangaande spraakkuns en woordeboek, aangaande die uitgaaf van 'n tydskrif (Ons Klijntjie), aangaande Bijbelvertaling, ens.

Gelukkig egter vir ons, jongere, het Ds. Du Toit als 'n ander Alexander nie die hele Afrikaanse taalwereld verower, sodat daar vir ons nog genoeg werk oorblij. En dit lijk nou waarlik of die bogegewe program sal uitgevoer word. Denk maar aan die jongste besluite oor vasstelling van die spelling, uitgawe van 'n woordeboek en leerboekies, invoering van die Afrikaans in die skool en soveel meer.

HOOFSTUK VII.

STRIJD VIR DIE HOLLANDSE TAAL.

Die manne van die Afrikaanse Taalbeweging was ook die manne, wat die strijd aangebind het vir die Hollandse Taal. Dis die opmerkelike feit wat nou onse aandag vraag. Dog laat ons eers vermeld wat Ds. Du Toit daaromtrent laat opskryf het:

„Reeds in 1874 het ik begin skrywe oor die offisiële regte van die landstaal in die Parlement. Kijk stukke van “Een ware Afrikaander” in daardie jaargang van die “Z. Afrikaan” verskijn, en later in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* oorneem. Ik was die eerste wat petisies opgestel en laat teken het vir die wijsiging van die konstitusie, vóór mijn vertrek naar Transvaal. Mnr. Hofmeyr het mij privaat geskrywe om dit tog nie te doen nie, want ons sou dit tog nie verkrij nie. Toen teën die verwagting in, die petisies talrijk geteken en die beweging sterk werd het mnr. Hofmeyr 'n wijsiging van die konstitusie in die Parlement voorgestel, wat sonder opposisie deurgegaan het.

„Op Burgersdorp werd later 'n Komitee aangestel om daar 'n Taalmonument op te rig in verband met die gebeurtenis, omdat die beweging daar sterke steun gekrij het. Die Komitee stuur destijds 'n deputasie naar mij toe om hul planne te gee en die inskripsies op te stel. Die inskripsies staan vandag net soos ik dit opgestel het volgens 'n opdrag van hul eie Komitee, behalwe dat mijn naam uitgelaat is—en dit waar hul self mij opgee het als “die eerste bewerker van die beweging”—sonder 'n woord van kennisgewing van rede of feit aan mij. Hulle nooi mij naar die ont-

hulling. Toen ik daar kom hoor ik dit van vertrouwde vriende (dat mijn naam uitgelaat was, o.a. van mnr. A. du Plessis L.W.V. Ik was so verontwaardig, dat ik dieselfde nag nog, voor die fees, per trein sou vertrek; maar deur enige invloedrijke vriende het ik mij laat omhaal om te blij. Die oggend van die fees kom die Komitee naar mij toe met 'n welkomsadres en die versoek om die feesrede te hou. Natuurlik het ik hulle dáár nie alleen die waarheid gesé nie, maar ook *in* die feesviering. Hulle het egter die skuld op ander wou gooi en tot vandag toe weet ik nie wat die eienlike rede was nie.

„Later het ik in die Paarl die Taalbondesamensingstel en vir enige jare daarmee voortgegaan, dog werd op dieselfde ondankbare manier behandel”.

“WARE AFRIKAANDER.”

Laat ons nou weer naar die begin teruggaan. In die “Z.-Afrikaan” dan het “Ware Afrikaander” opgetrek vir die regte van die “moedertaal” in die Parlement, Geregshof, Skool en Kerk.

Van die Parlementstaal word geseg: “Ons Parlement moest in het Engels gehouden worden, hoewel ruim twee-derde der bevolking evenveel Engels als Russies verstand, toen het Parlement werd opgericht. Wat was het gevolg? De oudsten des lands, mannen van verstand en ondervinding, mannen die een hart hadden voor het heil en de welvaart van hun vaderland, konden wij niet kiezen. Vreemdelingen, fortuinzoekers, die meer belang stelden in een gevulde beurs dan in de vooruitgang der kolonie, namen hun plaatsen in.”...

Verder: “In onze gerechtshoven zijn wij vreemdelingen en moeten ons dus bedienen van tolken, prokureurs, advokaten, enz., die hun zakken vullen met geld aan de arme onkundige boer onrechtvaardig afgeperst. Waarom worden onze gerechtshoven niet in onze eigen taal gehouden?...”

“Op onze Scholen moeten onze kinderen eerst een vreemde taal leren om dan in die vreemde taal verder onderwezen te worden. Waarom niet hun moedertaal, die zij verstaan, genomen om hen daarin verder op te leiden? Maar weet gij wel, Afrikaanders, hoe uw moedertaal door de Engelse regering wordt beschouwd? Zij wordt op één lijn geplaatst met de Kaffertaal.”...

Sulke woorde klink nou heeltemaal gewoon, maar destijds was dit g'n alledaagsheid nie om so te skrywe. Mnr. D. F. du Toit het nog onlangs aan die skrywer van hierdie boek vertel, dat daar destijds 'n doodstilte geheers het in die taalwatere—net hier en daar 'n roeringkie, wat gouw genoeg weer platge-

strijk werd. Die meeste het dit als 'n vanselfsheid aangeneem, dat tog alles Engels moes word.*

In 1813 werd al bepaal dat 'n staatsambtenaar Engels *moes* ken, en dat "het middel der vertaling in strijd was met de geest en het doel des regeerders." In 1832 het die "Charter of Justice" gekom en werd die Engelse taal als die enig-geoorloofde in die geregshowe ingevoer, en in 1839 werd kennis gegee, dat bij die benoeming van predikante in de Ned. Ger. Kerk (wat toen nog bij die Staat berus het) die voorkeur sou gegee word aan die wat net so goed in Engels als in Hollands kan preek. Eindelik, in 1853, werd 'n konstitusie toegestaan, waarvan die 89ste seksie bepaal, dat niks anders dan Engels in die Parlement sal gepraat word nie, terwyl dié taal in 1865 als die enigste middel van onderwijs erkend werd. Nou moes die moedertaal nog net uit die huis, die mond en die hart geruk word—en die saak was beslis. En menigeen het gedag dat die stroom wel onkeerbaar die kant sou uitgaan.

DIE EERSTE STOOT.

Maar nou kom in 1875 die Afrikaanse Taalbeweging, wat naar die beskouwing van die "Patriot", die eerste stoot vorentoe was. In hierdie volgende stukkie bewijs die blad wat hij beweert:

*Wat die toestand van Hollands toen was, beskryf mnr. D. F. du Toit in die reëls, wat ons hier afskrywe uit 'n brief later aan die skrywer van hierdie boek gerig op grond van die vermelde gesprek: "Hollands was vir ons verlore. Na ou Dr. Changuion sijn poging—later deur hom opgegeë—twijfel ek of daar nog iemand was wat in erns daaraan gedenk het om Hollands in Suid-Afrika te herstel en tot sijn reg te laat kom, of op die duur te behou. Die skole was toen groteliks ingeregig op die te algemeen geloofde gesegde: "leer maar Engels, Hollands kom van self." Het nie algar dit geglo nie, die meerderheid is tog me die stroom meegesleep. Toen ek die eerste maal met eerw. Van der Rijst ("Oom Willem") oor die A. T. Beweging gepraat het, was mijn vraag, wat hij van 'n Afr. Bijbelvertaling denk? Sijn antwoord was: laat ons liewers die kinders Hollands leer. Mijn wederantwoord was: daartoe het ons geen kans in onse skole nie. Hij: laat ons dan die skole emansipeer (vrij maak). Ek: daartoe het ons geen geld en sal ons geen genoegsame samewerking krij nie. Die brokstukke uit ons gesprek sal 'n denkbeeld gee hoe dit toen met Hollands gesteld was... Algar was ons toen al meer of min van die Engelse goggatje gebijt. Hollands was maar vir hogere geleerde, viral predikante nodig en bereikbaar; Afrikaans was kombuistaal. Vir ons gewone mense was daar gin ander kans nie als bietjie Engels te leer en sig so goed en sleg als hulle kan daarmee te behelp, en nog trots te wees daarop dat jii so'n paar mondjies vol Engels kan uitkraam. Selves in die *Holl. Ger. Kerke* is *Engelspreek* ingevoer en het predikante geseg: hulle *preek* Engels om beter Engels te *leer*. Dit was die rigting waarin ons geloop het, liewers gelei is, want onse predikante had beter moet weet."

"Dis nie te misken nie, dat die herlewing van die Hollandse taal in ons land 'n gevolg is van die Afrikaanse taalbeweging. Die voorstanders van die Afrikaanse taal het nog altoos al hul beskikbare kragte gewij om ook die Hollandse taal te bevorder, soos ons al dikwils aangetoon het. Dit het an die een kant die Hollandse taal opgehelp, terwyl aan die ander kant die teenstanders van die Afrikaanse taal toen ver Hollans begint te ijwer om daardeur die Afrikaanse taalbeweging te versmoor" (P. 1 Julie '81).

"Die taalkwessie is dikwils en warm besproke reeds voor die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875, en nie sonder vrug nie. Die Afrikaanse taalbeweging het veld gewonne en wen nog veld. Hewige teenstanders is tot voorstanders bekeerd, bstryders is verdedigers geworde. En selfs die beweging ten gunste van Hollans het syn ontstaan direk en indirek aan die Afrikaanse Taalbeweging te danke, al het die laaste daar ook slegs "stank ver dank" as wereldsloon voor ontvang, soos die jakhals seg" (P. 13 Jan. '82).

"Nou laas het 'n teenstander van ons geseg: Die Afrikaanse taalbeweging het daarom goed gedaan; dit het die voorstanders van Hollans wakker gemaak, sodat hulle nou ook begin te werkskoolboekies uit te gee" ens. (P. 26 Jan. '77).

"Die Hollandse Genootskap is uit die Afrikaanse beweging gebore" (P. 7 Sept. '77).

'N LEGENDE.

'n Legende wat nog onder ons volk rondswerf, en hier en daar selfs nog in geleerde hoofde 'n skuilplek vind, moet dan ook nou vergoed verjaag word soos 'n eensame tier, wat nog in beskaafde streke sig weet op te hou en te handhaaf. Die legende is, dat die manne van die Afrikaans teen Hollands gekant was.

Als in die eerste jaargang van die "Patriot" 'n gedig voorkom van A. Herholdt met die volgende reëls:

Oom Lokomotief
 Jij is mij so lief.
 Set Engels opsj!
 Ons taal sal jij krij.
 Werk Hollans mar uit—
 Stuur weg met die skuit!

dan antwoord die redakteur: "Ons stem nog nie met hom same, dat die Hollans nou met die skuit moet weggestuur worde na Holland toe. Ons het Hollans vereers nog nodig." (P. 15 Maart, '76).

Wat was dan die verhouding? Dit blyk duidelik uit de volgende aanhaling, geskrewe naar aanleiding van die "Z.-Afrikaan" s'n voorstelle omtrent 'n Genootskap vir die Hollandse taal:

"Ons Genootskap is nie teen die Hollandse taal nie, soos party van ons vyande geseg het; maar ons het die onmo'entlikheid ingesien om die Hollandse taal in ons land te *herstel*. Afrikaans is in ons oog soos 'n jonge inheemse boompie; hy is nog klein en teer, maar groei by die dag op. Hollans is 'n grote uitlandse boom wat in vroeger tyd hier geplant is, mar wat an 't wegwijn is. Nou wil ons lievers die jong plantjie opkweek; ander wil lievers die ou boom dokter, die droge takke afsage, 'n bietjie mis om die stam gooi en omspit, ens. Mar die doel van albei is om 'n verkwikkende skaduwe te soek waaronder ons bevolking kan sit, wat in die koue mistige weer van Engeland nie kan lewe nie... Wat ons aangaat, ons wil graag meewerk met 'n genootskap ver Hollans; ons raai selfs onse lede an om daarvan ook lede te worde as hulle lus het. Ons meen dat ons die regte weg ingeslaan het ver ons doel, Mar andere het andere gedenk, en meen dat ons Hollans moet gekies he. Wel, ons geeff hulle die kans; ons sal gen strooi in die weg le; ja, ons sal hulle help. Nog meer, blyk dit dat hulle reg en ons verkeerd gehad het, dat hulle genootskap beter beantwoord, dan sal ons ingé. Ja, as dit duidelik word dat die doel beter deur hulle genootskap bereik word, ons sal ons onderwerp en met hulle verenig". (P. 11 Mei 77).

"Ons sal die Hollandse Genootskap nie tegewerk, maar veeleer ondersteun. Die Holl. Genootskap is 'n kind van die Afrikaanse. Dan, die Holl. Genootskap sal ons gen *kwaad* maar *goed* doen, veral op die gronde waarop hulle dit begin het, n.l. Engels taal van die *Regering*, Hollans van die *Kerk*, Afrikaans van die *Huisgesin*... Die Huisgesin is die bron waaruit die Kerk en die Staat hulle lewe moet kry. Wie die Huisgesin het, het die toekoms in syn hand. Engels en Hollans moet dus *kunsmatig aangekweek* worde in ons land, Afrikaans *groeï van self*... Die Hollandse Genootskap sal ons dus goed doen. Op watter manier. Deur te help om 'n dam op te rig dat alles nie deur Engelse o'erstroom wort. Daar is *afkeer* nog teen die Afrikaanse taal by 'n groot deel van ons volk, hoewel dit al langsaam afsterf. Mar tog, dit hinder ons dat ons nie *dadelik* so sterk teen die stroom kan staan als dit moet wees nie. Om 'n beeld te gebruik. Die Afrikaanse boompie is nog jonk. Die Engelse stroom kan hom straks o'erstroom. Hy het Hollans vereers nodig as 'n stut, totdat hy sterk genoeg is om alleen te staan. Die stut sal langsaam afvrot, die boompie sal al sterker worde, totdat hy gen stut meer nodig het" (P. 14 Sept. '77.)

In die no. van 13 Junie, '79 word weer herhaal, "dat die voorstanders van Afrikaans nog altoos die warmste voorstanders was van Hollans ook; dat die herlewing van Hollans, reeds aangewende pogings tot oprigting van 'n Genootskap vir Hollans, die uitgawe van die flukse "Z. A. Tijdschrift", ens., vernameelik hulle ontstaan te danke het aan die Afrikaanse taalbeweging; dat die voorstanders van Afrikaans ook verder *die langs mogelike behoud van Hollands sal*

help bevorder, as 'n dam teen Engelse o'erheersing, wetende dat die toekoms ons toebehoor."

Dis nou genoeg. Maar soveel sinate was nodig om die oue legende die kop in te druk. Van belang is die woorde: *dat die Afrikaanse Taalmanne die langs moegelijke behoud van Hollands sal help bevorder*. Aan die woorde is Ds. Du Toit getrouw geblij tot aan sijn dood toe.

VERKOOP VAN HOLLANDSE BOEKE.

Wat tot hiertoe *woorde* was het die Paarlse taalmanne in *dade* omgeset, geïnspireer deur Ds. Du Toit. Eén punt was die verspreiding van Hollandse boeke.

Toen die "Volksblad" beweert dat die Afrik. beweging "de beschaafde opvoeding van onze landgenoten in Transvaal in de weg staat" antwoord die Paarlse orgaan:

"Is dit daardeur dat ons duisende and' lees gekry het, en met buite- en binnelandse sake bekend maak, waar hulle anders onkundig van sou bly? Of is dit daarme dat ons honderde and' skrywe gesit het, en daardeur o'er sake leer nadink, opinies vorm, en hulle gedagtes daaro'er uitspreek? Of behoort slegs Hollans en Engels lees en skrywe tot die beskaafde opvoeding? Oek *Hollans* lees het ons groteliks bevorder deur die verspreiding van Hollandse lektuur, waaro'er hy slegs ons boekverkoper behoef te raadplege, om nie eens te praat nie van boeke wat ons self direk uit Holland ontbode het en nog voortdurend ontbied, met andere Hollanse boeke deur ons self uitgege. Oek die *Z. A. Tijdschrift* het syn ontstaan an die Taalbeweging te dānk. Dan sou ons name kan noem van persone wat juis die *Patriot* lees, daartoe gekom is om ver andere Hollanse koerante in te teken! Dit alles ten bewys hoe ons "beschaafde opvoeding in de weg staat." (P. 1 Jan. '80).

Die laaste opmerking gee aanleiding om daarop te wijs, dat mnr. Hofmeyr aan mnr. D. F. du Toit, gesê het, dat die "Patriot" s'n populariteit aan die "Z. Afrikaan" g'n skade doen nie. Inteëndeel, het mnr. H. bevestig, dat die mense deur die "Patriot" leer lees en bijgevolg op sijn koerant leer inteken het.

Maar laat ons terugkeer tot die verspreiding van Hollandse boeke. Die "Patriot" van 19 Maart '80, maak bekend die taalmanne s'n besluit om 'n "boekhandel te open uitsluitelik in Hollanse boeke." Daarmee wil hul die beskuldiging afweer "dat hul met die Afrik. Taalbeweging Hollans teunwerk."

Die uiteindelike resultaat is dat die firma D. F. du Toit & Ko., tot 1909 gedruk het, boeke klein en groot, in Hollands 93,650 en in Afrikaans 81,000, same dus 174,650, waarvan toen nog 22,550 in voor-

raad was, sodat tot 1909, 152,100 verspreid werd. (Kijk Gesk. v. Taalbeweging, p. 176.)

Tog het die manne, wat bij niemand hoef agter te staan in ijver vir Hollands nie, blij aandring op *Afrikaans* 1) omdat die herstel van Hollands hopeloos en 2) omdat Hollands vir ons 'n "halwe taal" is.

Aangaande punt 1) sê ons orgaan :—

"Voor omtrent 38 jare werd 'n poging om Hollans as landstaal te herstel as hopeloos opgege deur Dr. Changuion, met di betuiging dat hy lag ver di denkbeeld dat hy hom verbeel het om dit te kan doen. Voor ruim 6 jare werd di beskouwing openlik uitgesproke deur Hoofregter de Villiers in syn redevoering o'er ons toekomstige landstaal. Selfs ons teenparty stem hierin met ons saam deur 'n "*gewysigde*" Hollans as landstaal te begeer. En wi van hulle, wat beweer dat so'n gewysigde Hollans *verstaan* word, geloof dan nog dat dit ooit taal van di volk, taal van di huisgesin, spreektaal sal worde ?

"Ver landstaal moet ons, na die beskouwing, kies—ni tussen Hollans of Afrikaans ni, mar—tussen Afrikaans of Engels." (P. 7 Julie '82).

En aangaande punt 2) :—

"Die toestand van ons volk, sonder erkenning van Afrikaans, is dus : hulle het Hollans, 'n taal waarin hulle kan *lees*, mar nie *skrywe* nie ; kan *hoor*, mar nie kan *praat* nie. Daarom dring ons an op erkenning van Afrikaans, omdat ons volk nie 'n *halwe*, maar 'n hele taal moet hê."

DIE TWEEDE STOOT VORENTOE.

"'n Tweede stoot vorentoe, sê die "Patriot" van 1 Julie '81, het die Hollandse taal gekrij met die laaste Synode."

Daar werd beslote op voorstel van Ds. Louw, destijds van Murraysburg en een van die kampvegters vir Hollands, dat die keuse van die skoolmedium aan die skoolbesture sal oorgelaat word en dat Hollands sal verpligtend wees bij die onderwysers,- en middelklasseksamen. Opmerkelijk dat nog 37 Synodelede teën die voorstel was ! (P. 19 Nov., '80).

Maar ons sal later nog meer van hierdie saak hoor. Intussen het die "Patriot" sig hartelik oor die behaalde sukses verblij, ook al omdat hij in die saak nie alleen *saam* gewerk het nie, maar dit selfs *voorberei* het. (P. 26 Nov., '80).

PETISIËS.

Als ons die strijd vir Hollands beskrijwe, mag nie vergeet word wat in die distrikt van Albert gedaan

is nie, die plek wat same met die Paarl die ere-naam verdien van "bakermat van het Afrikanerdom." Reeds in die eerste tije van verteënwoordigend bestuur het vandaar die versoek gekom aan die Parlement: Laat ons lid toe om Hollands te praat. Dit werd geweier.

In 1878 werd deur die Albertse Boerevereniging, waarvan die wakkere mnr. D. P. v.d. Heever leier was, 'n besluit geneem tot bevordering van Hollands en twee memories aan die Parlement gestuur.

Opmerkelijk is dat hierdie besluit geval het op 23 Augustus, terwyl juis in die "Patriot" van 2 Augustus van dieselfde jaar so kragtig aan die alarmklok getrek werd. Ons maak die gevolgtrekking dat juis die geluid in Albert, waar die blad soveel gelees werd, 'n kragtige weerklank gewek het. In verband met die plan om 'n landbouw vereniging op te rig, wat die regte van die Boere in die Parlement kan beskerm, vloei hierdie woorde uit die altijd-wakkere pen van Ds. Du Toit.

"Mar moet ons nie meteen na die wortel van die kwaad gaan nie? Waarom staat die sake so verkeerd met ons Parlement? Omdat dit nie in ons taal gehou word nie. Noem ons taal Hollans, of Afrikaans, of Kaaps Hollans, soos jy wil, daar gé ons nie om nie; mar Engels is ons landstaal nie, en sal dit nog lank nie worde nie, lat hulle maak wat hulle wil. En so lank as die Parlement in Engels gehou wort, sal dit nooit beter gaan nie. Want die manne wat ons daar moet he kan ons nie daarnatoe stuur nie, omdat onse regte oue Afrikaners gen Engels ken nie. Nou moet ons Engelse stuur, of van die jonge Afrikaners wat goed Engels geleer het, en die is nog erger Engels-gesind as die Engelse self, want hulle suig dit in op die Engelse skole, waar hulle wys gemaak wort dat England alles is.

"Daarom moet ons na die wortel van die saak gaan, en eenparig wees: *die hele Hol'ans sprekende bevolking moet teken dat ons verder ons Landsraad en ons Landswette in ons Landstaal wil hê....*

"Wil ons Landgenote mar 'n bietjie salf buiteop ansmeer, goed en wel ons sal daarom met alle mag samewerk; mar ons raad is: een keer na die wortel! Dis tijd ver ons Afrikaners om wakker te worde voor die vollende verkiesing."

Toen mnr. Sichel van Albert die saak bij wijze van petisie in die Parlement voorbreng op 21 Julie 1879, teken die "Patriot" daarop aan: "Dis alweer 'n teken des tijds. Daar is twee dinge wat dageliks moeiliker word ver ons teenstanders om te ontken: 1) dat daar 'n nasionaliteitsgevoel ontwaak onder die Afrikaners en (2) dat die Afrikaanse taalbeweging die grote stoot daartoe geege het." (P. 25 Julie, '79.)

In die begin van 1880 het Albert weer geroer en werd beslote weer aan te dring op die regte van Hollands. Toen het die "Patriot" opnuw gesê dat dit 'n algemene petitionement deur die land moet wees (*P.* 16 Apr., '80).

In dieselfde jaar was die reeds vermelde Synodebesluit geneem. Die voorstanders van die besluit het, vóór hul uiteengaan, 'n kommissie benoem om dit verder te bewerkstellig, bestaande uit Dr. Kotzé, (voors.), Ds. Steytler, Ds. Krige en Ds. S. J. du Toit (sekr.). Op 'n latere vergadering het die here besluit twee petisies deur die hele land te laat teken, vragende om gelijke reg vir Hollands 1) in die Parlement en 2) op die Skole. Die "Patriot" sê: "Dis nou ons tijd om te werk. Wie petisies wil hê, skryf dadelik an ons, en seg ver welke wijk. Enkele wijke mag o'ergeslaan wees. En nou moet niemand oorgeslaan worde nie." (*P.* 11 Maart, '81).

Oor die uitstuur van die petisies sal ons later meer hoor. Hier moet nog aangestip word, dat hul meer als 5,000 name bevat het. Mnr. Hofmeyr het dan ook daarop van 'n mosie kennis gegee om die gebruik van Hollands in die Parlement toe te staan. Die voorstel werd egter deur Ds. W. P. de Villiers oorgeneem, omdat mnr. Hofmeyr nie sijn mede-ministers geraadpleeg had en dit ewewel als 'n regeringsvoorstel beskou werd. (*P.* 27 Mei, '81).

Op 7 Junie, 1881 het die mosie voorgekom. En so was dan die kwessie van Hollands ter sprake.

IN DIE PARLEMENT.

Van hierdie diskussie moet ons uit die parlementêre verslag uitvoerige aanhalings gee, want daar uit moet blijk 1) hoe die mense 35 jaar gelede oor Hollands gedenk het (dis interessant!) en 2) wat die werklike aandeel van die "Patriot" was. Hier is die stukke, ontleen aan die no. van 1 en 8 Julie :—

"Ds. De Villiers wijs in 'n bekwame rede aan, dat tweetaligheid gevonde werd in die Romeinse Rijk, later in Engeland en nou nog in Switserland, Belgie, Canada, Mauritius, ens. 'En wat nu de Kaap betref, er waren genoeg mannen van oordeel die zeer goede parlamentsleden konden zijn, maar die alleen weerhouden werden om als zodanig op te treden omdat zij geen Engels kenden"

Mnr. Brown sê: "Toen hij onderwijzer was wilde niemand Hollands leren, want ieder meende dat hij het reeds kende, maar het scheen dat de Ned. Ger. Kerk achter de poging zat om hier

twee talen te krijgen, hoewel de spraakverwarring stellig een vloek voor het mensdom is geweest. Waarom zou, als ieder zijn taal in dit Huis mocht spreken, de kaffer in het Huis zijn eigen taal ook niet bezigen? Hij geloofde niet dat de meeste leden van het Huis Hollands kenden, want wat hier Hollands heette was een Bastaardtaal."

Mnr. Solomon was wel daarvoor en geef o.m. hierdie historiese biesonderheid: "er was nog nooit een poging gedaan om Hollands in het Parlement in te voeren, behalve evenwel door Dr. Tancred, die niet veel hart voor de zaak had."

Mnr. Robertson sê: "Men had gesproken van een beweging die van het volk zelf uitging, maar zij was uitgegaan van de Paarl. Het was één man die de gehele beweging had op touw gezet"

Mnr. J. Barry sê: "dat de Patriot de petitie op touw had gezet (mnr. Marais: neen!). Hij was een Kapenaar en was er trots op, maar hij zou zich niet door de Patriot laten gezegeen."

Mnr. Hofmeyr wat ook sterk vir die voorstel gepleit het sê: "dat de zaak der petitie was uitgegaan van een Komitè van leden der Ned. Ger. Synode. en dat Ds. du Toit zich met de verspreiding belast had. Deze had, naar het schein, zich van de diensten van zijn broeder van de Patriot bediend, die al de petitie had rondgezonden, als kwamen zij van het kantoor van zijn blad"—(Dog kijk hierna).

Mnr. Powell sê: "dat het geheel toevallig was dat al de petitie uit de Paarl waren gekomen. Het volk was er voor.

Die Kommissaris van Openbare Werke (Mnr. Merriman) sê: "die zaak was in het Huis met gematigdheid behandeld, maar die gematigdheid was niet door een blad in de Kolonie De Patriot, zei de heer Myburgh) in zijn artikelen tegen de Engelsen gebezigd. Hij wist niet dat er in het land zo grote ingenomenheid met de zaak bestond, maar er was een stemming die de gemoederen meesleepte."

Mnr. Marais sê: "Ging de Patriot vèr in het bestrijden der Engelsen, hij was niet erger dan de "E. P. Herald" en de "Eastern Star" in het aanvallen der Holl. Afrikaners. De bevolking had tans alle reden om in politiek belang te stellen, en was de Patriot een der middelen om ze hiertoe te brengen en waarom zou men er dan tegen zijn?"

Mnr. Fuller sê: "Die tegen het voorstel waren, waren niet bepaald Engelsen maar welopgevoede lieden van Hollandse zowel als Engelse afkomst, die bang waren dat het karakter van het Huis minder zou worden als de verandering plaats had. Er mochten opgevoede lieden zijn die liever in het Hollands dan in het Engels zich uitdrukten, maar de meeste beschaafde lieden konden Engels spreken"

De heer Rhodes sê: "dat hij, vóordat hij de zaak wilde zien uitmaken, eerst verlangt te weten dat de "fatsoenlike" Hollandsprekende bevolking voor de zaak was, want daarvan had hij geen bewijs gezien, bepaaldelik niet in de petitie."

Mnr. Sprigg sê: "Leden, die wel het Kaaps-Hollands konden verstaan, hadden hem erkend geen Hollandse preek te kunnen volgen. Zou men Kaaps-Hollands, zoals dat van de Patriot, in het Huis spreken? Over vee en dergelijke kan men wel Hollands spreken, maar zou men kunnen vatten wat iemand er over politieke zaken in sprak? Vele boeren had hij gesproken, die geen woorden hadden om zich over politiek uit te drukken, en de taal zoals zij gebruikt werd was laag bij de grond en bevatte slechts weinig woorden... Het zou het z.g.n. "boerenelement" zijn dat men in het Huis zou krijgen, en dit zou het gehalte van het Huis verlagen in plaats van verhogen. Een boer kon men geen vertegenwoordigend man noemen, want slechts lieden van ontwikkelde geest konden anderen naar eis vertegenwoordigen... En dan, al waren er tweemaal zoveel Hollanders als Engels in het land, dan waren er nog meer zwarten. Was er een Kaffer in het Huis en stelde deze voor dat er Kaffers zou gesproken worden, zou men voor zijn voorstel dan niet menigte van petitiees in het Huis krijgen? Meende men van neen, dan kende men de Kaffers niet. Evenals men de boeren kon beduiden petitiees voor hun taal te tekenen, zo kon men de kaffers er ook voor krijgen,... wilde men de bestaande vooruitgang houden, dan moest men tans niet met een verandering voor de dag komen, maar vroeger niet aan gedacht was en die stellig bezwaar zou geven. Wat was het doel van het voorstel? Wilde men meer Afrikaners in het Huis? Er waren velen die een Holl. Republiek wilden, en het was zeer mogelijk dat het voorstel daar een eerste stap toe zou zijn. Zou men in de gerechtshoven alleen Engels kunnen houden als men Hollands in het Huis toeliet? Hij wilde het kwaad in het begin tegengaan."

Mnr. Pearson "waarschuwde tegen een beweging van de onwetende massas uitgaande, die eindigen zou met de konstitutie weg te vegen."

Mnr. Solomon sê: "dat Afrikaander leden, die niet voor de zaak waren, toch voor het voorstel zeiden te zullen stemmen. (Zij zijn bang voor de Patriot, zei een stem). Nu ja, dan was de Patriot een macht in het land, maar hij geloof te niet dat zij er bang voor waren. Hij zou alleen daarom voor het voorstel stemmen, omdat hij geloofde dat de bevolking ervoor was."

Mnr. Lewis sê: "Vijf jaren geleden kon de Patriot nog niet zoveel uitvoeren als tans, en dat hij het tans kon, was omdat er een verregaande beweging (!) aan de gang was."

Soos bekend is, het die Parlement nie op die voorstel tot stemming gekom nie. Lede wat daarteën was het met gedurige uitstel ook afstel bewerk. Daar was oplaas g'n kans om tot stemming te kom nie. (P. 1 Julie, '81).

In 'n brief aan die Kaapse Holl. blaaiet het Ds. Du Toit toen sijn posisie duidelik gemaak. Hier volg 'n gedeelte daarvan, omdat in die Parlement soveel oor die "Patriot" gesproke werd.

“ Nadat de zaak van het Hollands in de jongste Synode ter sprake was, werd in de Konsistoriekamer der Grote Kerk een vergadering gehouden van enige voorstanders der Hollandse taal. Op deze vergadering werd een Kommissie benoemd ten einde de zaak verder zoveel mogelijk te behartigen. Gemelde Kommissie besloot op een later gehouden vergadering de ingeleverde petities te cirkuleren; en droeg de verzending daarvan aan mij op als Sekretaris. Ik was reeds voorzien van een lijst van ongeveer een twintigtal B.B. Ouderlingen, die mij hun namen en adressen hadden gegeven en hun medewerking hadden toegezegd tijdens de Synode. Aan hen werden vormen van petities met cirkulaires uit naam van gemelde Kommissie toegezonden. Hiermede waren wij echter nog niet geholpen voor de gehele Kolonie. Daartoe vroeg ik de medewerking van de drie Hollandse bladen. *Zuid-Afrikaan* en *Volksblad* namen bereidwillig op zich elk de vormen van een petitie *gratis* te drukken als ook de blanco vellen te leveren, en de *Patriot* nam op zich om de vormen te verzenden naar zijn vele agenten en medewerkers buitenaf, met de cirkulaire van gemelde Kommissie, en kennisgeving dat de Petitities naar mij als Sekretaris moesten teruggezonden worden, voor of in de tweede week van Mei. Daar ik echter de maand Mei aan Strand ging doorbrengen, en de petitities, toen ik van huis ging, eerst begonnen in te komen, was ik verplicht de verdere bezorging daarvan aan de heren D. F. du Toit & Ko. over te laten, hetgeen zij bereidwillig op zich namen.

Ziedaar nu het beloop der zaak. Wat agenten en medewerkers buitenaf gedaan hebben weet ik niet. Maar dit weet ik, niemand heeft teruggeschreven, dat hij met het doel niet instemde, of dat de ingezetenen in zijn wijk er tegen zijn. Integendeel, ik heb hier nog een pak brieven mij samen met de getekende petitities toegezonden, de volste instemming betuigende, en berichtende dat men algemeen daarmede instemde. Van gemelde brieven ben ik bereid op aanvraag inzage te verlenen, of kopie te leveren, aan de vertegenwoordigers, die twijfelingen desbetreffende hebben uitgesproken. Maar wat afdoende bewijst dat het publiek in dezen met gemelde petitities instemde, zijn de volgende *feiten* :—

1. Dat men in zulk een korte tijd meer dan 6,000 naamtekeningen jaarvoor kreeg; de meeste personen buitenaf hadden geen maand tijd om de petitities te laten cirkuleren.

2. Dat van ongeveer 200 personen, meestal onbekenden naar wie de vormen toegezonden werden, geen enkele gevonden, werd die samenwerking weigerde, slechts 1 of 2 moesten verschoning vragen dat zij wettiglijk *verhinderd* werden mede te doen.

3. Dat in vele, zoal niet in de meeste gevallen, de blanco vormen niet te bereiken waren voor de naamtekening, zodat sommigen zich deswege beklagden, en anderen vellen gewoon papier bijgeplakt hebben.

Ik neem meteen deze gelegenheid te baat, om allen die zo bereidwillig hebben medegewerkt daarvoor te danken.

Hopende met voorgaande opheldering de goede zaak een dienst te doen, waartoe ik mij vrijwillig verbonden acht, heb ik de eer te zijn, enz.

S. J. DU TOIT. (P. 1 Julie '81).

Al was onse Engelse vriende in die Parlement formeel nie so goed op hoogte nie, in werklikheid het hul dit tog nie so ver mis gehad nie. Die "Patriot" kon daarom sê: "Op een punt kon hul hulle spijt nie verkrop nie, dat die "Patriot" eintlik die bijna seuwe duisend naamtekeninge besorg het op die petisies" (1 Julie, '81).

DR. THEOPH. HAHN OOR HOLLANDS.

Nie alleen Engelse nie, maar ook 'n man als Dr. Th. Hahn, het in die Kaap die staf oor Hollands gebreek. Hier moet noodwendig enige uittreksels ingelas word uit die voorlesing, wat hij gehou het op die jaarvergadering van die S. A. Bibliotheek. Hoewel die lesing kragtige teënspraak uitgelok het, is dit tog kras dat in die tijd so'n lesing kon gehou word. Teënwoordig sou dit amper onmoelik wees. Hoor 'n bietjie :

"Let, zo zeide hij, op het groot aantal Engelse dichters van wereldberoemdheid en de weinige personen van werkelijk Olympies vernuft die de Nederlanders kunnen aanwijzen. Wij kunnen ze op de vingers van een hand optellen. Men moet een Hollander zijn om de huisbakken fraaiigheden van Nederlandse schrijvers en dichters, die allen doortrokken zijn met die oudbakken, saaie en ploertige reuk van aardse pijp, waarmede hun letterkunde gesatureerd is, te genieten. Men moet een speciale reis naar Holland maken en die buitendorpjes bezoeken. beroemd als de tonelen aanbiedende van het Hollandse rustige leven, zich kleden in een kamerjapon van rijk doch kunsteloos patroon en tabak roken om zijn hart aan een Nederlandse schrijver te kunnen ophalen. Met de uitzondering van twee of drie dichters, bestaat er geen oorspronkelijkheid, het kenmerk van een waar genie; geen romance, geen nadruk, de gouden glans van ware poëzie, inderdaad kan men in het Hollands noch gevoel, hartstocht of sentiment vinden.... Hollandse schrijvers zijn zo uitvoerig dat de lezer vermoed wordt door de grote massa, welke men door moet waden en ten laatste niet meer in staat is de slappe denkbeelden die er in neergelegd werden, te begrijpen. Hooi, zo zegt men, geeft niettegenstaande de omvang daarvan slechts zeer weinig voedsel. Grazende dieren moeten het evenwel vreten, omdat er een zeker mechaniese uitzetting van hun magen noodzakelijk is, voordat zij iets kunnen verteren. Voedsel in kompakte vorm zou een ezel hardlijvig maken. De verkwisting der Nederlandse schrijvers is ontzettend en zij schijnen geheel uit het oog verloren te hebben dat

de kracht der oplettendheid en het oog der wereld hunne grenzen hebben. Zulke massa's hooi hebben de schrijvers in de voerbak van de arme geduldige wereld gesmeten.... Nu wint het Engels dagelijks meer en meer veld onder de beschaafde naties en er bestaat geen reden hoegenaamd, waarom wij hinderpalen zouden leggen aan de verspreiding er van, of het vervangen door een taal die zelfs geen kracht en oorspronkelijke sterkte genoeg bezit om een plaats in te nemen op de eerste rangen van de verschillende letterkonden der wereld. Door het Engels, Duits, Frans, en de oude klassieke talen te leren, verlenen wij ons de toegang tot een onuitputtelijke voorraad van geestelijk voedsel, en van de andere kant indien wij een taal (dus het Hollands) met geweld willen invoeren, die log en lomp is, weinig verstandelijke boeken geleverd heeft, dan snijden wij ons af van de beschaafde wereld in het algemeen, dan verlaten wij het brede pad van vooruitgang en beschaving en dan zullen wij moeten gaan als de kreeft; ja wij zijn schuldig aan intellektuele zelfmoord, waarvoor onze kinderen en kleinkinderen onze nagedachtenis zullen zegenen. Een woord nog over het Hollandse patois van deze Kolonie. Men kan nagaan dat het een mengelmoes is van de verschillende dialekten van de Nederlanden en Noord Duitsland, en ofschoon teutonies, is het psychologies een wezenlijk Hottentotse tongval (sic). Want wij leren dit patois het eerst van onze kindermeiden en aya's. De jonge Afrikaner heeft op zijn eenzame plaats geen andere speelmakers dan de kinderen van de Basterd Hottentotse werklui, die bij zijn vader in dienst zijn, en zelfs de volwassen boer houdt zich nog onwillekeurig aan het patois van zijn knecht. Men kan trouwens ook moeielik verwachten dat de afstammelingen van slaven en bedienden, die vroeger hun eigen lelike taal hadden gesproken, iets konden bijbrengen om de taal te verbeteren. Let er bijvoorbeeld eens op, op hoevele manieren wij de verschillende betekenissen van het woord *beautiful* kunnen uitdrukken. Wij hebben de woorden *handsome, pretty, fine, shapely, graceful, lovely, elegant, comely, seemly, beauteous, splendid, glorious, fair*, en andere synoniemen, te veel om op te noemen; doch indien wij het patois spreken van een handsome young man, een pretty girl, een fine pig, enz., enz., dan is er alleen het woord *mooi* dat alles uit moet drukken, en men spreekt van een mooi jong kerel, en mooi juffrouw, en mooi vark, en mooi pompoen, mooi weer, mooi lucht, mooi lijf en mooi houding, en mooie tabbertje, enz., alles is *mooi*. Dat patois heeft geen literatuur en wacht nog op een Chaucer. Shakespeare en Byron. (P. 12 Mei '82).

DIE OORWINNING.

Die 16 Des., '81, het die Pêrlse orgaan 'n konseptisie gepubliseer, waarin om 6 verskillende dingegevraag word, allereers natuurlik om gelijke regte van Hollands met Engels in Parlement, Geregshof en Skole. Die no. van 22 Des., d.a.v. het die nogal gunstige opinie van sommige koerante daarvoor opgeneem, en ook wat die "Zuid-Afrikaan" daarvan sê: —

“Minder gunstig is die gevoele van die *Zuid Afrikaan*, in syn leader van laaste Dingsdag. Ons tydgenoot is geheel teen ons plan om die 6 punte in een Petisie op te neem : vereers, om dat dit nie politiek is om *soveul* gelijk te vra nie. want dan staat jy kans om *nix* te kry nie ; verder, omdat op sommige punte die publiek nie eenstemmig denk nie, byv. party sal teen 2, herroeping van Immigrasie Wet, en teen 5, verhoging van be lasting op lewensbehoefes wees. Teen verhoging van stemreg is hy bitter, omdat dit juis die swarte sal lat same stem met die Jingoos teen die Afrikaners. Van 3, o'ergaaf van Basutoland, en 6, uitgaaf van Hollanse Wetboek, seg hij nix. Syn raad is, dat ons ons plan moet lat vaar, en *net mar vra, nie eens gelijke regte ver Hollans in alle opsigte nie, mar net vryheid om Hollans te mag gebruik in die Parlement.*

“*Ons besluit* nadat ons die opinies van onse tydgenote gehoor het, om bij ons plan te bly, en net punt 5 uit te laat.”

Toen mnr. Hofmeyr s'n mosie in 1882 deurgegaan het, het die “Patriot” ook sijn sê gesê als volg :

“'N VOORSTEL van meneer Hofmeyr, om ons Konstitusi so te wysig dat lede na verkising Hollans kan gebruik in Hoger en Lagerhuis, is verlede week Donderdag heel glad deur gegaan.

“In een flinke spiets—wat ons lesers in ons byblad vind—het meneer Hofmeyr op syn bekwame wyse angetoon dat hy ni 'n nuwe guns kom vra ni, mar 'n ontroofde *reg* wat di koloniste toekom. En op ewe bekwame wyse werd besware, wat daarteen ingebrag werd, beantwoord.

Meneer Laing en Sprigg wou nog bitji teenhou ; maar soos 'n plat padder of nat stukki seep was dit uit hulle hande. Dat eersgenoemde dit sover gebring het om te glo dat die volk dit ni begeer ni, omdat *hy* dit seg, kan ons begryp—mar dat hy di huis met so 'n kluitji durf beledig is ons onverklaarbaar. Dit sal dan oek wel as verskoning kan dien dat hy di Engelse *Besitting* met Engelse *koloni* verwar ; dat hy di *Patriot* geheel verant woordelik stel ver di beweging...Meneer Laing kan gerus 'n bietji memori kruid koop as syn geheuge hom vertel dat di beweging slegs twe jaar oud is, en daarby leer om oorsaak en gevolg te onderskei....

Hoe knap Meneer Hofmeyr di saak ook bepleit het—waarvoor hom alle ere en opregte dank van di regte Afrikaners toekom—tog was dit ni syn gesonde en gegronde pleitrede wat so oertuigend was ni, mar wel di eenstemmige eis van di volk. Dit sal hy self erken en di bewys daarvoor is di verklaring van Meneer Scanlen dat so'n Bil reeds opgestel is deur di Regering. Meneer Hofmeyr was egter di gelukkige man om te maai wat gesaai was, en daarmee wens ons hom geluk. Ons hoop dat ook hy deur di glansryke oerwinning sal aangemoedig wees om vort te gaan as verdeliger van ons Afrikaanse regte deur dik en dun.

“Mar dan moet hy oek deur dik en dun ondersteund worde. Di wat petisies het om te lat teken moet ni denk dat di hoofsaak gewonne is en di tekening nou mar kan bly ni. Né : lat teken so ver as kan. Toon andermaal dat ons ni alleen vryheid ver

Hollans begeer in Parlement ni, mar gelyke regte met Engels op ons skole, in Magistraats- Geregshof, ens. Ons moet die yster sme solang as dit heet is." (7 Apr. '82).

Eiënaardig is nog die spiets wat mnr. De Smidt in die Hogerhuis gehou het :—

" Mr. De Smidt was dit volkome met di laaste spreker eens, en daar was gen rede waarom 'n lid, as hij Hollans wil praat, moet verhinderd worde. Hij raai an di wet sonder enige anmerkings an te neem. Hij verstaat dat *Dutch*, hoog Hollans beteken en ni di *gemene bastard brabbeltaal* van de *Patriot*. *Di Patriot was in 'n taal geskrijwe wat di laagste Hottentotie gebruik*, en hij het selfs 'n verkeerde naam, dit moes gewees het *Patterjerot* (!) As iemand di taal in di Huis wou praat, moes dit met krag belet worde. Dit klink hom as 'n vreselike wan-klank in di ore as hij 'n uitdrukking hoor as volg: "Ver die ding moet ek nog zorg." Di hoog Hollans was 'n pragtige rijke taal, en dit doet hom hartseer dat di taal so verbrabbeld werd. Hij eindig met di vollende versie te resiteer, wat hij di Editeur van di *Patriot* anbeveel om te lees :

O ! Gij, die stout de taal belastert,
De rijke schone moedertaal verbastert ;
Ja gij verdient wel met uw vuige brein,
Ook uiterlik een Hottentot te zijn." (P. 12 Mei '82.)

DANK.

Het mnr. Hofmeyr dankadresse ontvang vir sijn werk,—die "Patriot" werd hier en daar nie vergeet nie. 'n Enkel staaltjie :

Publieke vergadering gehouden te Petrusville op 17 Mei 1882. Op welke de volgende resolutien zyn gepasseerd :—

Deze vergadering acht zich ten hoogste geroepen hartelik te danken (a) de leden van ons Parlement voor het doorlaten van het Hollands, want daardoor gevoelt het volk zich weder als burgers (b) meer biezonder de heer Hofmeyr, daar hij zulks heeft voorgedragen en verdedigd, en ook voor zijn mannelike aanspraak, die zoveel licht over de zaak geworpen heeft. (c) De *Patriot* die zo steeds met veel opoffering, moed en ijver, de zaak van een vergeten volk voorstaat en verdedigt, onaangezien al de smaad, spot, en hoon van groot en klein, en wij erkennen openlik voor allen, dat naast het Albestuur, de *Patriot* het middel en de oorzaak is van al het goede tans ter baan. (P. 2 Junie '82).

DIE TAALBOND.

Melding moet nog gemaak word van die ontstaan van die Taalbond-eksamens.

Vooraf moet ons daaraan herinner, dat in Oktober 1890 die "Z. A. Taalbond" in Kaapstad gestig werd,

veral op aandrang van manne als prof. Moorrees, Ds. A. Louw, mnr. J. H. Hofmeyr e.a. 'n "Medewerker" wou hê dat die Genootskap van Regte Afrikaners so'n Taalkongres sou oproep, omdat "deur hulle die herlewing in di taal ontstaan is," maar daar deur 'n voorlopige komitee reeds 'n Kongres in die Kaap bepaal was, werd aan die versoek g'n gevolg gegee nie. (*P.* 9 Okt., '90).

Die "Patriot" het net geantwoord: „Op ons standpunt vrees ons di Taalbond ni; al sou *Hoog* Hollans di leus wees, denk ons nog, sal ons kan saamwerk. Dit mog vreemd lijk, mar ons is o'ertuig, dat alles tog moet uitloop ten nutte van di Afrikaanse taal, of alles moet deur Engels verswolge worde. Di weselike volkstaal moet tog eenmaal bowe kom". (*P.* 16 Okt., '90).

Die no. van 13 Nov., gee die volgende, historiese belangrike bepaling van standpunt :

"Di Kaapkoloni, en so as ons hoop di gehele Suid Afrika is weer 'n bond ryker geworde, en ons roep di kleine kind welkom toe, en wil di hoop uitspreek dat hy spoedig groot en sterk sal worde. Dit sal miskien party van ons lesers vreemd voorkom, net of ons min of meer ons dierbaar Afrikaans laat vaar het, mar dit is ni so ni; ons volg nog altyd di re'el wat ons van di begin an gestel het. Ons het nooit di Hollans teengewerk ni, mar altyd beweer, dat daar an suiwer hoog Hollans ni te denk is ni, en dat tog di Afrikaanse taal di taal van di land sal bly.

Hoewel men dit volstrek ni wil erken ni, dat die Hoog Hollans hier dood is, het tog di meeste sprekers toegegê, dat daar 'n Afrikaanse taal bestaat. Te'en di uitdrukking "Patriotsch" kom ons met krag op. Di *Patriot* het nooit geseg, dat di skryfmanier deur hom gevolg di enige is, mar het altyd geseg, so skryf ons; bewys dat ons verkeerd is en ons sal verander, en nog altyd siet ons uit na 'n Afrikaanse Taal Kongres, om met makkaar o'er di manier van skrywe en spelle te handel. Di laaste woord oek met betrekking tot di Afrikaanse taal is deur di *Patriot* glad nog ni gesprek nie, en ons glo ni, dat imand di reg het om van Patriotsch te praat. By vele word dit dan mar gedaan, om by di begin al di gemoedere teen ons te maak.

Party sprekers het gepraat van "volkstaal," Suid Afrikaans Hollans, vereenvoudigde Hollans, ens., ens.; selfs Prof. Mansvelt verklaarde, dat hier ni diselfde taal kon gebruik word as in Nederland. In di wese van di saak het di Afrikaans dit op di Kongres gewin. Di verskil tussen ons en vele andere is nou mar 'n verskil hoe ver ons moet gaan. Daar is dus, soos ons reeds te kenne gegee het, vir ons volstrek ni rede ni om te'en di Taalbond op te tre, mar veul meer om oek 'n bitji te help. Ons gaat op ons weg voort; mar ons is altyd bereid om met andere saam te werk, as hulle diselfde einddoel beoog.

Di Taalbond is dan gestig, sonder juis uit te druk wat onder Hollans moet verstaan worde, en ons reken dit verstandig. Om lank te stry was van gen nut ni, en al het al di stemme te'en Afrikaans gewees, dan sou ons tog op ons oue weg voortgegaan wees, di andere had tog oek mar net so gedaan, en daar sou ni een stap verder gevorder wees ni. Later kan, as dit nodig word, altyd di saak duideliker geskrywe worde. Ons is ni bang ni, dat as di volkstaal bevorder worde, oek ons werk ni op di regte prys sal gestel worde ni.

Ds. Du Toit, pas uit Europa aangekom, kon tot sijn spijt nie teënwoordig wees nie. "Zijn adres aan het Kongres was te laat gekomen, maar hij was gereed om de zaak van de Taalbond steeds te ondersteunen. Was hij aanwezig geweest, dan zou hij, zo de taalkwestie ter sprake kwam, zijn (71) stellingen verdedigd hebben" so lees ons in die rapport. P. 6 Nov., '90).

DIE TAALBOND EKSAMENS.

Dit het dan ook nie bij worde geblij nie. Kon Ds. Du Toit aan die Taalbondstigting nie deelneem nie, hij was die eienlike insteller van die Taalbondeksamens. Die saak werd begonne deur die Paarlse en Wellingtonse besture van die Taalbond, op 'n vergadering gehou 30 April, 1892. Van die Paarlse tak was Dr. Hoffman voors. en Ds. Du Toit, sekretaris. Die eerste eksamens in die Hollandse taal en S. A. Geskiedenis (hoër en laër) werd bepaal op 11 Junie d.a.v., en werd beperk tot leerinrigtings van die twee afdelings. 129 Kandidate het toen deelgeneem. Skrywer hiervan was een van die kandidate en herinner sig nog goed die loop van gebeurtenisse. Veral die morre in die Paarlse Stadsaal, toen die publieke prijsuitdeling plaas gevind het, staan hom duidelik voor die gees.

Die saal was propvol en die belangstelling was groot. Prof. De Vos, voors. van die Hoofbestuur, het die sertifikate onderteken en sijn spijt te kenne gegee, dat hij nie teenwoordig kon wees nie. In sijn brief sê hij:

„Ik wens de beide takken, die in deze zaak saamgewerkt hebben, van harte geluk met de gunstige uitslag van dit Vergelijkend Eksamen. Het is zoals het zijn moet, en zoals te verwachten was, dat de Paarl en Wellington, die bekend zijn voor haar gezond nationaliteitsgevoel en betamelik zelfrespekt, hierin zouden voortgaan, en aan andere delen des lands een goed voorbeeld

zouden geven. Ik hoop dat dit voorbeeld elders zal worden nagevolgd.

Mnr. D. P. v. d. Heever het toen o.m. gesê :—

“Hij vergeleek de Afrik. Bond en Taalbond als broeders” Hier aan de Paarl was de Afrikaner Bond, de gehele herleving onzer Taal en Nationaliteit, geboren, en van hier uit had het zich verspreid over het ganse land. Hij herinnerde zich nog toen hij het eerst deze *Patriot* zag als een klein blaadje, waarin sprake was van de oprichting van de A. Bond, en toen hij zelf voor die zaak begon te ijveren, dat hij toen meer dan eens dacht of die mensen aan de Paarl die daarmé begonnen en of hij zelf wel goed bij hun verstand waren. Maar vandaag geniet men alom reeds de vruchten van de Afrikaner Bond. Nu gaat de Paarl weer met iets dergeliks voor.

Soos ons weet het die Hoofbestuur later die ek-samens ter hand gencem en ieder weet wat 'n mag hul in die land geword het. Maar laat ons die pioniers, insonderheid Ds. Du Toit, wat ook hier die stoot gegce het, nie vergeet nie.

HOOFSTUK VIII.

DIE AFRIKANER BOND.

I. EERSTE BEGINSELS.

Die oorsprong van iets na te speur is altyd interessant, veral wanneer dit grote gebeurtenisse en feite geld. Dit is biesonderlik die geval met die politieke organisasie, wat in die S. Afrikaanse geskiedenis so'n vername rol gespeel het, n.l. die Afrikaner Bond.

Die biesonderhede wat nou volg is hoofsakelik opgediep uit oue "Patriotte", want selfs die nou al onverkrijgbare boekie "Die Afrikaner Bond", vermeld 'n heel partij dinge nie.

Maar laat ons vooraf meedeel wat Ds. Du Toit daaromtrent laat opskryf het.

„Spoedig het geblyk, dat taal en nasionaliteit nie kan geskei word nie. Als "Ware Afrikaner" het ik reeds in "Zuid-Afrikaan" daarop gewijs. Ook die Genootskap van Regte Afrikaners had ten doel om "te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land".

„Aan onse nasionale oplewing het die Afrikaner Bond 'n biesondere stoot gegee. Dit het so gekom: Toen die Kaapse Parlement 'n aksijns lê op brandewijn, het "Onze Jan" uit opposisie daarteën sijn "Boere Beskermings Vereniging" gestig. Maar dit was, soos die aanleiding reeds aanwijs meer bepaald beperk tot wijnboere.

„Toen het ik in die "Patriot" 'n reeks artikels geskrywe, waarin 'n breë organisasie bepleit word, wat heel Suid Afrika omvat en gegrond op ruime, demokratiese beginsels, sodat dit opklim uit wijs- en distrikts- tot provinsiale en sentrale besture.

„Die „Genootskap van Regte Afrikaners” het nie uitgebrei nie van wege die bepaling, dat ieder lid moes geloof in die versoeningsdood van Christus, waarteën veel beswaar gemaak werd, omdat vele nie kon sien nie, dat godsdiens die siel is van 'n Christelike staatkunde. In die Bonds-konstitusie werd dit uitgelaat. Opge-nome werd almal wat Suid Afrika als hul vaderland erken.

„Die Bond het gouw uitgebrei, hoewel in die Re-publieke nie so sterk nie, omdat hul minder behoefte daaraan gevoel het. In Transvaal werd goeie voort-gang gemaak, veral deur persoonlike invloed en same-werking van genl. Joubert. Die eerste besluit om die twee Republieke te verenig werd geneem deur 'n Kon-gres van Bondsafgevaardigdes uit albei Republieke en gehou te Potchefstroom.

„„Onze Jan” het sig neutraal gehou en net privaat gesê: “'n Pragtige ideaal”. Toen ik hom mijn plan van 'n Bond toestuur was sijn antwoord on-geveer: “uw plan is uitstekend goed in teorie, maar ik vrees dis onuitvoerbaar in praktijk. Dis te groot en ons volk is daar nog nie rijp voor nie. Ik sal u egter nie teenwerk nie. Gaan maar uw gang, ik sal mij verblij als dit u geluk. Moliik dat ik als gewoon soldaat nog 'n handjie help. Als offisier kan ik nie optree nie.” Vanself het hij egter sijn invloed ge-bruik om liewers takke van sijn B. B. Vereniging te laat stig.

„Toen ik Transvaal toe gaan, sien ik dat dit tijd is om 'n program van beginsels vas te stel. Onderweg het ik dit opgestel, aan die “Patriot” dit ter publi-kasie gestuur en dit in 'n reeks artikels verklaar.

„Omdat ik druk besig was in Transvaal en daar nog g'n trein verkeer was nie, het ik nie meer die invloed van vroeër uitgeoefen nie. In die tijd werd begonne met 'n poging om die Bond en B. B. Ver-eniging te verenig, wat te Richmond plaas gevind het Mijn broer, D. F. du Toit, en andere sterke Bonds-manne was daarop teën.

„Die Konstitusie het onveranderd geblij, net die stêrt: B. B. Vereniging het in die naam bijgekom. Die Program van Beginsels het op elke Kongres voor-gekom, en hoewel die meerderhe d daarvoor was, het mnr. Hofmeyr s'n partij tog verkrij, dat dit naar 'n kommissie verwijs werd, bestaande uit “Onze Jan”, mnr. D. F. du Toit en Dr. Hoffman. Eind lik werd 'n ander Program aangeneem:

EERSTE ROERING.

Die "Volksblad" van 7 Junie, 1879 had 'n leader oor die "Rechten van onze Landstaal". Met die volgende punte daarvan het die "Patriot" van 13 Junie, ooreengestem:

„Dat die Hollans-Afrikaanse deel der bevolking besondere belange het, en gereed moet wees om die te beskerm; dat één van die belange is die volkstaal; ... dat daar tekene is van herlewing van Hollans onder die oue koloniste; ... dat dit tijd is om 'n Vereniging of Genootskap ver Hollans op te rig.”

Die "Patriot" het toen in één asem dit daarbij gevoeg: „dat die herlewing van Hollans, reeds aangevande pogings tot oprigting van 'n Genootskap ver Hollans, die uitgawe van die flukse. "Z. A. Tijdschrift", ens., vernamelik hulle ontstaan te danke het aan die Afrikaanse taalbeweging; dat ons onse tijdgenoot (die "Volksblad"), die ere laat om 'n plan van werksaamheid voor te stel, waarin ons hom kan ondersteun”.

Die "Volksblad" van 17 Junie sê toen van die laaste punt dit: "Hiertegen hebben wij niets. Slechts schijnt het ons twijfelachtig of de zaak niet veeleer door de mannen van Stellenbosch (dat er naar streeft een Z. Afrikaans Athenaeum te worden) dan door een Kaapstads blad ter hand genomen moest worden.”

Daarop antwoord die "Patriot" van 20 Junie en 4 Julie, dat, als "so'n beweging van Stellenbos moet uitgaan, daar dan nooit wat van tereg kom nie. Wel te verstaan, ons spreek nie van die Stellenbosse *publiek* nie, die is Afrikaansgesind genoeg... ons weet (ook) seker dat vele van die jongelinge, wat op Stellenbos studeer, sal samewerk as die saak eenmaal goed aangevat word... (mar) dit verwonder ons hard dat onse tijdgenoot dit nou juis van Stellenbos en van die getabberde vadere wil hê, daar dit tog o'erbekend is, dat die Skotse element hier bowedrijf, en van die kant eer 'n genootskap tot verspreiding van Engels, as een tot behoud van Hollans te wagte is.”

Die "Zuid-Afrikaan" van 18 Junie, wat bowestaande punte oorgeneem het uit die "Patriot", sê, dat hij daarmee instem, en voeg dan dit daarbij: „Het zal vooral aankomen op twee dingen, een man in het Parlement met de nodige gaven toegerust, die zijn leven aan de zaak wil geven, gelijk de heer Saul Solomon deed aan het Vrijwillig Beginsel, en een wakkere organisatie het gehele land door, om het streven van de parlementaire kampvechter te steunen... Wie

heeft lust, tijd en talent om zich aan de zaak te wijden? Hij spreke en wij zullen hem bijstaan."

Wat die eerste punt aangaan, was die "Patriot" van 20 Junie, dadelik met die antwoord klaar: „die Redakteur van die "Z.-Afrikaan" besit vaderlandsliefde bekwaamheid en moed genoeg om onse woordvoerder te wees; die oge van onse Afrikaanse bevolking is eenparig op hom gerig. En in Ds. de Villiers pas ver Beaufort Wes gekies, mnr. Marais van die Paarl en vele andere sal hij getrouwe medestrijders hê".

Verder wijs die blad nog aan: "1) die Hollans-Afrikaanse pers is so eensgesind as nooit tevore; 2) daar is n algemene ontwaking van nasionaliteitsgevoel; 3) die woedende Jingoisme—wat Afrika met alle mag an Britse belange wil opoffer noodsaak ons om die orige kragte bijeen te versamel, en 4) die toekoms van Afrika, wat in die teenwoordige gisting toebereid word, roep ons op om ons voor te berei op kragtige werksaamheid."

GRONDGEDAGTES.

Maar nou is ons dan ook tot die belangrike punt gekom—*die aankondiging van: "’n Afrikaner Bond"*. Vir die eerste keer prijck die woord bo aan die inleidingsartikel van dieselfde nommer. Ons lees hierdie belangwekkende woorde: "Mar wat ons nodig het is nie net "een Genootschap, om de rechten van het Hollands in het Parlement en op de School te handhaven." Né, ons moet hê:

„’N AFRIKANER-BOND, waarin al wat Afrikaner is sig kan thuis voel en samewerk tot heil van ’n Verenigde Suid Afrika;

„’N AFRIKANER-BOND, waarin gen nasionaliteit ons van makkaar skei nie, mar waarin almal wat Afrika erken as hulle Vaderland, same woon en werk as broeders van één huis, al is hulle van Engelse, Hollandse, Franse, of Duitse afkoms, met uitsluiting alleen van die wat van England praat as hulle "home" of van Holland en Duitsland as hulle "Vaderland" en wat hier net hulle beurs wil vul met Afrikaanse welvaart om dit dan in Europa te gaan verteer;

„’N AFRIKANER-BOND, wat dan oek die ware belange van ons land en van alle partye bevorder, en belet dat die belange van Afrika an England, of die van die Boer an die Koopman opgeoffer word;

„'N AFRIKANER-BOND, wat die oog hou op die politiek, om landverraaiers uit die raadsaal te weer, en te sorg dat die ware vrinde van die Vaderland hulle plase inneem;

„'N AFRIKANER-BOND, wat die ontwikkeling van die *hele* bevolking beoog, en nie miljoene pondbesté an die opvoeding van één deel van die bevolking nie, terwyl 'n ander en groter deel totaal verwaarloos word; en wat dus vanself daarin moet voorsien dat in die opvoeding die taal van alle dele van die bevolking gelykelyk moet erkend worde in Skool en Kantoor, in Regbank en Raadsaal;

„'N AFRIKANER-BOND, wat Handel en Nyverheid bevorder ten dienste van die land en nie ter vulling van die beurse van spekulateurs; wat vereers nie toelaat dat onse geldmark heeltemaal beheers word deur Engelse Banke; wat fabriekwese bevorder sodra daar kans toe is;

„'N AFRIKANER-BOND, wat Vrijstaat en Transvaal insluit; met aparte vertakkings o'er heel Suid Afrika om bysondere belange te beskerm, en 'n Bondsraad of Centraal Bestuur om die algemene belange te behartig;

„So 'n Bond het ons nodig; an so 'n Bond word elke dag al meer behoefte gevoel; so 'n Bond sal toegejuig worde deur duisende en tienduisende, en is ver Afrika's toekoms onmisbaar.”

IS DIT MOLIK?

“Mar is so'n Afrikaner-Bond wel moegelyk; Is dit nie 'n ijdele droombeeld nie? Wel, ons moet openhartig erken, tot nogtoe is te vergeefs daarna gesog.

“Lat ons eerlik en opreg spreek, waar die saak so gewigtig is.

“Die Genootskap van Regte Afrikaners” kon wel bydra om die weg daartoe te berei, maar selfs kon dit die ideaal nooit bereik nie, daartoe was dit te beperk tot die Afrikaanse taal, en had oek te veel teenstand, en had dus net invloed op 'n deel van die bevolking. Daarom is dit oek dat ons nie meer daarin gewerk het om Takke van die Genootskap op te rig nie, hoewel daar aanvraag was in Kolonie, Vrystaat en Transvaal. En tog moet die verdienste van die Genootskap erken worde, omdat dit juis die hardslapendste en onmisbaarste deel van die bevolking wakker geskud het.

“De Z. A. Boerenbescherings Vereniging” beantwoord an die ideaal nog minder. Waarom moet die *Boer* dan beskermd worde meer as die winkelier en ambagsman! Waarom moet *landbou* verdedig worde met uitsluiting van die *politiek* wat daarop juis die grootste invloed uitoeven? Nê, ten regte of ten on-

regte, is die Vereniging te veel beskouwd as net bestemd om die aksyns-bil afgeskaf te kry en daarin sal hulle juis nie slage omdat die Vereniging tot 'n te kleine deel van die bevolking beperk is.

“'n “Genootschap om de Rechten van het Hollands in het Parlement en op de School te handhaven” is ook te beperk, en sal misluk omdat dit juis op die punt begin, en te veel tot die punt beperk is, waarop die meeste verskil van opinie bestaat bij diegene wat anders o'ereenstem angaande die welvaart van Suid-Afrika. En ons moet juis 'n gemeenskaplike grondslag hê.

“Mar is dit dan wel moegelik om so'n plan ver gemeenskaplike samenwerking uit te denk? Wie sal die grondslag lê ver so'n Afrikaner-Bond? Die man sal deur die nageslag gesegen worde, en hulle sal hom 'n kosbaarder standbeeld oprig as van Sir George Grey voor die Museum.

“Mar dis gen saak ver ijdele eersug om dit an te grijp nie. Nê, lat elke Afrikaner ernstig daaro'er nadenk; lat die drukpers, wat teenswoordig soveul te sê het, sig daaro'er uitspreek; lat predikante en advokate, wat hulle land lief het, hierin broederlik same werk en raad gé; lat elkeen in alle nederigheid en toegewijdheid sijn steentjie andra ver so'n gebou, wat Afrika's glorie moet uitmaak, en die storme van eeue moet verduur. En ons is daar seker van, die behoefte wat daar nou in duisende harte is, sal vervuld worde, hoewel vele nou nog hopeloos sug terwyl hul dit lees: “Og ja, dit moet ons hê; og mog dit so beskik worde dat ons dit kan verkrij!”

“Wel, lat elk doen wat hij kan. *Ons* sal same werk, al moet ons ook die nederigste andeel neem in so'n heerlike werk.”

DIE “ZUID-AFRIKAAN”

s'n redakteur, Onze Jan, het toen sig oor die Patriotvoorstel aldus laat hoor:

“Het plan van onze tijdgenoot is groots. Ook ons grijpt het aan. Maar toch, ronduit gezegd, laat de zaak zich meer gevoelen dan omschrijven. Laat men eens pogen de grondslag van zulk een bond op papier te brengen, de statuten van de Bond te schetsen, en zich het uitwerken derzelve te denken met het oog op onze gemengde bevolking, en men ontmoet moeilijkheid op moeilijkheid. En juist het brede van de grondslag zal de moeilijkheden niet te minder maken. Een brede basis kon prakties even eksklusief (uitsluitend) zijn als een al te smalle. Neem, b.v. een der paar punten, die door onze tijdgenoot zo puntig worden gesteld.

““Een Afrikaner bond, waarin al wat Afrikaander is zich kan thuis gevoelen en samenwerken tot het heil van 'n verenigd Zuid Afrika—een Bond waarin allen, d'e Zuid Afr'ka erkennen als hun vaderland, samenwonen en werken, en verhinderen, dat de belangen van de Kaap aan die van Engeland worden opgeofferd.”

“Daarmede zouden tallen van koopheden, zelfs van Eng 1 se kooplieden, instemmen. Ja, zelfs een Saul Solom n z u he kunnen toejuichen.

“Maar verder, “een Afrikaner-bond, die belet, dat de belangen van de boer aan die van de koopman worden opgeofferd.” Dáár zou de verdeeldheid beginnen. De koopman zou al aanstonds achterdochtig worden en vermoeden, dat dat niets minder betekent, dan dat wanneer de belangen van boer en koopman in botsing komen, die van de laatste zullen wijken voor die van de eerste—dat, wanneer de afschaffing van invoerbelasting op meel en koren wordt besproken, de Bond zal roepen: “Weg met de afschaffing, want die zal de korenboer schaden,” zonder er op te letten, dat de koopman, die toch ook lid van de Bond is, een mooi voordeeltje bij de afschaffing zou kunnen maken. Evenzo zou bij de bespreking van Aksijnsbelasting de Bond kunnen besluiten, die te bestrijden in het belang van de boer, terwijl de koopman die zou willen steunen in het belang van de invoer.

“Gevolgelik verlaat hij de Bond, hoewel hij met de andere door dat lichaam bedoelde einden geheel instemt.

“Een Bond, die niet toelaat, dat onze geldmarkt geheel beheerst wordt door Engelse banken.” Er zijn Afrikaanders, wie het hart warm klopt voor hun land en volk, maar die menen, dat de handel in geld niet minder vrij behoort te zijn dan die in koffie en suiker, en die een Engelse maatschappij evenmin zouden willen stremmen in haar pogen om een bezigheid in geld als om een in ploegen en graven alhier te stichten.

“Een Bond, die ook de Vrijstaat en de Transvaal insluit”. Goed; maar daar de Bond ook het oog op de politiek heeft te houden, zou een der voorstellen, die hij te bespreken krijgt, kunnen zijn, de in de laatste tijd meermalen te berde gebrachte vraag, of de Vrijstaat en Transvaal (en Grikwaland West) niet in de koloniale invoerrechten behoren te delen. De Vrijstaats- en Transvaalse Bondsleden zouden hoogst waarschijnlijk aandringen op een flinke portie terwijl koloniale leden hun die zouden willen ontzeggen, omdat de kolonie uit de invoerrechten de kosten bestrijdt van haven-werken en spoorwegen, waarvan het Transgariëpse evenzeer als het Cisgariëpse het voordeel heeft.

“Hoe nu gedaan? Dringt men op een krachtig werken betreffende dit punt aan, dan jaagt men een grote afdeling van ware Afrikaanders uit de Bond, en daaronder wellicht velen van de bekwaamste—dan beperkt men de Bond al dadelik bij de kolonie, en sluit zelfs daar de meeste kooplieden er buiten. Alzo wordt de Afrikaander-bond, even als de Boerenvereniging, hoofdzakelik beperkt bij de boer alleen. En wanneer hij dan bij het Parlement het woord komt eisen in het belang van taal en nationaliteit, spreekt hij met te minder kracht, omdat hij mannen van zich heeft gestoten, die zo gaarne op deze twee punten met hem hadden willen samengaan.

“Het is natuurlik gemakkeliker het plan van 'n ander te beoordelen, dan een eigen daarvoor in de plaats te stellen; doch slechts door diskussie en gedachtenwisseling erlangt men licht. Elke Afrikaander, die een weinig nadenkt, zal erkennen, dat zijn stamverwanten niet een positie innemen in onze politieke wereld die in de rechte verhouding staat tot hun getalsterkte; maar hoe in deze verandering te brengen, zie daar een zeer netelige vraag.”

Die "Patriot" antwoord dat die besware ongegrond is: 1) "Sijn eerste beswaar is al ongegrond: ons wil juis dat boer en koopman *gelijkelik* beskermd word, en dit had ons juis teen die Boerevereniging dat die onse Boere *alleen* beskermd. Of sluit die belange van boer en koopman dan makkaar uit, sodat die een nie kan beskermd worde sonder die ander op te offer nie? 2) Sijn tweede beswaar, aangaande regeling van geldmark deur Engelse banke, weeg ook nie te swaar. Met so'n Bond sal elke Afrikaner, met 'n warm hart ver sijn land, gou genoeg te o'ertuige wees dat dit beter is om 'n sterke nasionale Bankinrigting te hê met takke deur die hele land, as om ons heeltemaal in hande te stel van Engelse kapitaliste, wat jaarliks 'n £80,000 uit ons land wil trek an suiwere winste." Van die beswaar omtrent invoerregte word geseg dat "die regverdigheid die skaal wel so sal lat deurslaan, dat die inlandse staat die deel trek uit die invoerregte wat hulle wettig toekom, na aftrek van die koste van Hawewerke", ens. "Maar die fout van onse tijdgenoot is, dat hij *vooruit* besware gaat soek wat mogelik later kan ontstaan". (P. 27 Junie, '79).

Die "Volksblad" het die voorstel stilswijgend verbijgegaan en omskryf toen weer sijn vroegere voorstel in die gees van 'n "Maatschappij tot nut van het Algemeen". Daarop het toen die "Patriot" aange-teken (4 Julie. '79):

"Nogeens verklaar ons dat ons gen bisondere verwagting het van 'n genootskap, enkel vir di taal ni: 1) omdat onse bevolking, wegens gebrek aan wetenskaplike ontwikkeling, daarin nog te min belang stel; 2) omdat dit juis begin op 'n punt waar die meeste verskil bestaat, en dus gevaar loop van by die geboorte al gesmoor te worde; 3) omdat so'n poging voor 'n paar jaar geheel misluk is. Voor ons leg die lys van diegene wat sig toen aangemeld het tot stigting van so'n genootskap; en hoewel dit aanbevole is deur "Zuid Afrikaan" en "Patriot", staat daar net 7 name op die lys."

Toen het die "Patriot" in dieselfde nommer "as proef, in ruwe omtrekke, enige grondlijne" gegee van wat sijn gedagte was. Dit was nie bedoeld "ver 'n grondwet nie; né, dis net enige punte om bespreking uit te lok, sowel in die sin van afkeuring as goedkeuring"

In die no. van 11 Julie werd geseg, dat die „Volksblad" die Patriot voorstel bespreek het, maar "dat onse tijdgenoot die gronde waarop ons beswaar maak teen 'n blote taal-beweging geheel verswijn; dat hij sijn lesers hoegenaamd gen idé geef van wat ons in

plaas daarvan voorstel; dat hij die hoofbeginsels van ons voorstel geheel tersijde laat en op 'n paar bijsake anmerkings soek te maak—dat lat ons bijna twijfel of hij dit wel ernstig met die saak meen... Dis seker, blote uitbreiding van die “Genootskap van Regte Afrikaners” is ver die “Patriot” beter; vortplanting van die Boerenvereniging is voordeliger ver die “Zuid-Afrikaan”; 'n Genootskap enkel ver Hollans is verkieselikste in die belang van die “Volksblad”: maar ver land en volk is so'n Afrikaner Bond veel beter”

TOELIGTING VAN DIE PLAN.

Dit was egter nie genoeg om die beginsels van so'n Bond neer te skrywe en 'n enkele keer te publiseer nie. Nee, hulle moes onder die volk bekend gestel en in die volkshart ingedraag word. Dit het dan ook die “Patriot”-redakteur met taaie volharding gedaan. In sewe hoofartikels werd ieder puntjie toegelig en verklaar. En daarmee nie tevrede nie, werd die sewe stukke in 'n klein boekie afgedruk, getiteld: “Die Afrikaner Bond”. Dit werd gratis op aanvraag verkrygbaar gestel. Die eerste oplaag van 3,000 was gouw versprei en 'n tweede druk ter perse geleg.

Dis natuurlik onmolik hier al die toeligtige oor te druk. Enige uittreksels kan volstaan om te laat sien, hoe die redakteur die Bond-spijker so diep ingeslaan het, dat hul hom tot vandagtoe nog nie goed uit kan krij nie. Historiese waarde het wat onder punt I., no. 1 geseg word :

“Op No. 1 merk ons an dat dit juis die grote fout was van onse Afrikaanse Boerebevolking, dat hulle uitsluitelik net op hulle *biesondere* belange gelet het net of ons nie *algemene* belange oek het wat ons same moet behartig nie. Hier is die wortel van die kwaal, en hier moet die genesing begin. So het dit met alle *publieke* sake gegaan. Die Boer bly tuis; hy kyk na syn boerdery en behartig syn *persoonlike* belange. En 'n klein klompie raddraaiers op die dorpe—smouse, winkeliers, klerkies, prokureurs, Jode en Jodegenote, wat almal van die Boere moet lewe—die maak en breek soos hulle wil. So gaat dit met kiesing van Distriksraad, Parlementslede, ens. En wat is die gevolg? Die arme Boer is mar altyd die lydende party. Terwyl hy daar syn *private* sake goed behartig—en dit doet onse Boere o'er algemeen uitmuntend—verwaarloos hy de *algemene* belange van die Boere en hy en al die Boere moet daaronder ly. Die winkelier, en agent, en elkeen sorg ver syn belange. Mar die arme Boer word vergeet. En wie is die oorsaak daarvan? Die Boere self. Hoe kan jy verwag dat 'n ander ver jou belange sal sorre as jy dit verwaarloos? Die boerebevolking is die grote meerderheid in ons land, en as hulle belang stel in hulle

vereenigde belange, dan sal elke Distriksraad, of Parlement, na hulle oge moet kyk, en na hulle sin moet handel, anders kom hy nooit in nie." (P. 14 Nov. '79.)

Onder die hoof "Doel" kom hierdie opmerkings voor :

"Die enigste manier om "die welvaart en bloei van Suid Afrika te bevorder" is, sonder teepraat, "die ankwering van Nasionaliteitsgevoel." Dit was die grote gebrek altijd. Nou begin die Nasionaliteitsgevoel te ontwaak; en ons verblij ons daarin, soos 'n moeder o'er die geboorte van 'n veulbelowende kindjie. Mar die kindjie moet opgekweek worde, anders word hij nooit groot nie; die vonkies van lewe wat nou hier en daar bij onse bevolking waargeneem word, moet angeblaas en bij maaar gebreng worde, anders word dit nooit gen vuur nie, maaar gaat net nou uit. En die enigste manier daartoe is so 'n Bond. Of as iemand 'n beter manier weet, lat hij dit dan voorle, en as hij ons owertuig, dan werk ons met hom same, en lat ons plan vaar.....

"Die beskerming van ons Landstaal moet hoofsaak wees van so 'n Bond, want taal en nasie is één: en die wat dit nie tot doel wil stel nie moet liewers nie lid worde van ons Bond nie. Of ons deur landstaal verstaat Hollans of Afrikaans, daaroor hoef ons nie te strij nie. Die voorstanders van Afrikaans kan en sal vrijwillig daarin toestem dat dit Hollans is vereers, omdat Afrikaans nog nie staatkundig erkend is en gen litteratuur, mar veral oek nog gen leerboeke het nie, en bowenal omdat behoud van Hollans tog meteen bevordering van Afrikaans is, want Hollans in Afrika is en word tog mar altijd Afrikaans." P. 21 Nov. '78.)

Raak en nog van belang is die omskrywing wat gegee word van die werk van plaaslike besture.

"Sodra daar 'n algemene registrasie bepaald word moet hulle sorre dat elke Afrikaner wat op die regte plek sal stem geregistreerd word. Dis die anwering van ons soldate waar ons mé moet veg; want wat maak met offisiere sonder soldate. Tot nog toe is daar veul meer straatlopers en kantienleers geregistreer as Boere wat vasgoed en werkelike belange het wat moet verteenwoordig worde. Dit moet verander. Anstaande jaar is weer registrasie, en ons wil hoop dat dit juis 'n stoot sal gé an die oprigting van plaselike besture. Ons hoop dat dan sal ge sorg worde dat elke Afrikaner geregistreer is, sodat ons as 'n enig man kan staan by die vollende stemming; want dan sal die saak moet beslis worde of die Afrikaner sal heers in syn eie land dan of hy ver altyd deur vreemdelinge en fortuinsoekers sal moet beheers worde. Ons moet vereers ankondig dat grote kwessies by die vollende stemming ver Parlement sal moet beslis worde, en dat dit 'n stryd op lewe en dood sal wees. Daarom moet ons sorre dat ons leger sterk en goed gedril is....

"Die tweede saak waarvoor elke plaselike bestuur moet sorge is die *nominasie* van goeie verteenwoordigers ver Parle-